Vol 428 PP25038 - 25112

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

K1.2 VOL. 428 PG. 25038-25112

**SAAKNOMMER: CC 482/85** — **PRETORIA**

1988-08-02
1988-08-03

| | |
|---|---|
| **DIE STAAT** teen : | **PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER** |
| **VOOR:** | **SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST** en **ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL** |
| **NAMENS DIE STAAT:** | **ADV. P.B. JACOBS**<br>**ADV. P. FICK**<br>**ADV. H. SMITH** |
| **NAMENS DIE VERDEDIGING:** | **ADV. A. CHASKALSON**<br>**ADV. G. BIZOS**<br>**ADV. K. TIP**<br>**ADV. Z.M. YACOOB**<br>**ADV. G.J. MARCUS** |
| **TOLK:** | **MNR. B.S.N. SKOSANA** |
| **KLAGTE:** | **(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)** |
| **PLEIT:** | **AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG** |

- - - - - - - - - - -

| | |
|---|---|
| **KONTRAKTEURS :** | **LUBBE OPNAMES** |

- - - - - - - - - - -

**VOLUME 428**

25 038 tot 25 112

MNR FICK: Die staat gaan nou oor na die getuienis oor Soweto bladsy 420. Ek verwys daar na die stigtingsvergadering van SOYCO, dit gaan na bladsy 421 toe, paragraaf 1.2.1.1 betoog die staat dat BEWYSSTUK V.25 wat 'n transkripsie is van hierdie dokument, is dit duidelik dat die vergadering voorafgegaan en ook gedurende die vergadering is etlike vryheidsliedere gesing en slagspreuke geskree waarin die ANC, sy leiers, sy militêre vleuel en hul dade van geweld verheerlik word. Dit word betoog dat uit die vryheidsliedere en die slagspreuke dit duidelik is dat die ANC en SOYCO dieselfde vryheidstryd stry en dat die aanwesiges hierdie twee organisasies sien as bondgenote. So word in dieselfde liedere van die ANC en SOYCO gesing en die organisasies om die beurt geprys. Op hierdie vergadering ook, dieselfde bladsy 421, paragraaf 1.2.1.3, stel Eric Molobi die mense op die verhoog voor en dat verwys hy na die mense wat gevangenisstraf uitgedien het, persone wat verbintenisse gehad het met die ANC en dr Motlana in sy eie toespraak propageer ook dat die jeug van vandag moet leer uit die voorbeeld wat die ANC Youth League gestel het, dit het naamlik die ANC meer aktief gemaak. Dr Motlana verkondig, dit is bladsy 422, aan die gehoor dat die teenwoordigheid van die ANC Youth League in al die ANC kampanjes "were decisive in the militarisation of the ANC both organisationally and ideologically". Die voorsitter in sy reaksie op Motlana se toespraak gryp die voorbeelde van Bram Fischer, Sisulu, Tambo en Mandela wat hy die "stalwarts of our revolution" noem, aan en dit word betoog dat die boodskap duidelik aan die gehoor is dat geweld deel is van die stryd en dat hulle in 'n rewolusie is. Dit is insiggewend dat Archie Gumede, die volgende spreker,

nooit / ..

nooit die jeug vertel dat hulle nie die idee moet kry uit hierdie voorbeelde dat die geweld geregverdig is nie maar hy is baie versigtig in sy bewoording van sy toespraak en daan haal ek dit daar aan dat hy het nooit hierdie mense weerspreek nie, hy het gesê kyk, julle moet dink voordat julle optree. Dit is al. Hy het nie gesê dat hulle nie geweiddadig moet optree nie, maar hulle moet dink voor hulle optree. Ook Gumede doen 'n beroep op die jeug om by die stryd aan te sluit en Dan Motsisi sê ons in paragraaf 1.2.1.9 op bladsy 423 doen 'n beroep dat die massas moet verenig "so that now what we actually realise is that now the preople are actually up in arms against the very racist regime". Hy verkondig ook dan in hierdie vergadering dat daar 'n regering gebaseer op die Freedom Charter daargestel moet word. Dan gaan ek na die laaste paragraaf op bladsy 423, Zinzi Mandela wat namens die COSAS Nasionale Uitvoerendekomitee 'n boodskap aan SOYCO kom lewer het verklaar dan ook - sy verwys ook na die sogenaamde national democratic revolution en sy sluit die aanhaling af: "Until then, the national sense of grievance is the most potent revolutionary force which must be harnessed" - dit is 'n tikfout, dit moet lees "harnassed". COSAS maak duidelik aan die gehoor, word betoog dat hul deel is van 'n rewolusie en dat die griewe 'n magtige revolusionêre wapen is wat gebruik word om die massas op te sweep. Dan soos <u>infra</u> betoog sal word is dr Motlana se getuienis, met alle respek teenoor dr Motlana, sy getuienis oor Oscar Mpetha is leuenagtig. Dr Motlana se getuienis oor Oscar Mphetha se toestand is leuenagtig. Mphetha het na sy eie veroordeling en vonnis verwys en die jeug na aanleiding daarvan opgesweep om nie te huiwer om deel te neem aan die

vryheidstryd/..

vryheidstryd nie, maar selfs nie bang te wees om gevonnis te word nie. Hy gaan dan heen sê ons in paragraaf 1.2.1.14 doelbewus na hy die vergadering se aandag verkry het en hy vir hulle gesê het julle moet luister na wat ek nou wil sê, en dan verheerlik hy nie net die ANC nie maar ook Mkhonto we Sizwe. En dan word betoog dat die reaksie van die gehoor is nie een van verleë wees oor wat Mphetha gesê het nie maar een van vrolikheid, daar word gelag. Dit is nie 'n verleë laggie nie, dit is 'n hande geklap en hardop lag. Dit word betoog dat Mphetha op daardie stadium niks te verloor gehad het met sy opmerking nie, hy was reeds skuldig bevind en hy is reeds gevonnis en hy was in agwagting op sy appèl. Mkhatswa wat ook op die vergadering gepraat het, hy het verwys na die organisasie en mobilisasie van die jeug en hy het ook die jeug daarop gewys, na al hierdie vorige verwysings na geweld dat die "struggle is life, struggle is death", dit word daarna verwys in paragraaf 1.2.1.16, die tweede paragraaf van bo af op 425. Dit word betoog dat hy daarna ook 'n gedig voorgelees het waarin die gewelddadigheid van die vryheidstryd beklemtoon is. Die volgende spreker is 'n man wat met 'n SAAWU T-hemp daar gestaan en praat het. Hy het die regering veroordeel vir sogenaamde onderdrukking, vir swak onderwys; hy het die Freedom Charter gepopulariseer en hy het ook die regering uitgewys as die "common enemy". Ook 'n spreker van PEYCO, Port Elizabeth Youth Congress, het laastens die vergadering toegespreek. Hy het daarop gewys dat die jeug moet vir die rewolusie organiseer word al het die regering die ANC, SAKP, die sogenaamde "South African National Youth Congress of South Africa" en die ANC Youth Crongress en die Youth League verban. Hy verheerlik ook

dan / ..

dan vir Mandela, Sisulu, Mhlaba, Gwala, Mbeki - die volgende naam moet wees Mbeki op 426 - en ook vir Solomon Mahlangu, 'n veroordeelde ANC terroris. Dit word dan betoog dat enige aanwesige by die SOYCO stigting slegs met een boodskap daar kon weggaan naamlik dat SOYCO en die ANC bondgenote is in dieselfde stryd wat 'n gewelddadige rewolusie is vir die omverwerping van die bestaande regering en die daarstel van 'n regering gebaseer op die Freedom Charter. Die boodskap word betoog het die gehoor van UDF, COSAS, SCA leiers ontvang wat hulle onder die indruk gebring het dat UDF COSAS en hierdie ander organisasies dieselfde gewelddadige rewolusie as die ANC vir dieselfde doel daarstel. Dan verwys ek na verdere staatsgetuienis wat sou gebeur het na hierdie stigting en ek wil graag verwys na bladsy 427, paragraaf 1.6, dit is die getuienis van Mong wat nooit weerspreek is êrens deur die verdediging nie. Hy sê dat op 3 Oktober 1983 was daar 'n COSAS-vergadering by die Methodist Youth Centre in Jabavu en na die vergadering het mense van die vergadering na die Tulareskool oorkant die pad gegaan en die skool gaan ontwrig. Die kinders is uit die skool gejaag, die groep is toe na die Isaac Morrison Hoërskool, dit is so 600 meter daarvandaan. Hulle het met plakkate geloop. Die hekke was gesluit en 'n klipgooiery het oor en weer ontstaan tussen die mense wat uit die vergadering kom en die skoliere van die Isaac Morrison skool. Dan wil ek verwys na bladsy 428. Dit is die getuie IC.8 wat getuig van die AZASo-kongres wat hy bygewoon het. Die derde paragraaf van bo af..

HOF: IC.12.

MNR FICK: Ekskuus, IC.12, die derde paragraaf van bo af begin die paragraaf: "'n vroue-aand in.." en die Doll moet

wees / ..

wees DOCC en dan getuig hy dat in die saal het mense gedans en het twee mans geloop met iets wat soos 'n AK.47 gelyk het en daar was ook baniere van AYCO wat vertoon is op hierdie vergadering. Ek verwys dan na V.11 en ek verwys na die aansoek om ontslag, paragraaf 2.1 en ek moet vir u die bladsye gee - bladsy ..

HOF: Net so 'n bietjie, is dit nou paragraaf 2.1?

MNR FICK: Paragraaf 2.1.

HOF: Wat word daar ingeskryf?

MNR FICK: Dit moet wees bladsy 411 tot 417 (bespreking in agtergrond as verdediging bladsynommers herhaal) Ek sal net kortliks oorgaan na..

HOF: Gaan ons nou oorgaan na daardie betoogpunte toe?

MNR FICK: Ek sal baie kortliks net daarna verwys. Ek glo nie dit sal nodig wees vir die hof..

HOF: Ek dink nie hulle is hier nie.

ASSESSOR: Myne is hieronder. Hier is twee kassies hieronder. (Gesoek na volumes)

MNR FICK: Ek is jammer, ek het nie gedink ons gaan hierdie bladsy haal nie.

HOF: Moet ons nie onderskat nie, mnr Fick.

MNR FICK: Ek sal dit nie weer doen nie, edele. Dit word betoog op bladsy 411, paragraaf 40.1, word betoog dat die verband tussen AZASO en die ANC oortuigend bewys word deur die sing van ANC vryheidsliedere. Daar word gesing dat die ANC se leier hulle moet lei, daar word gesing dat hulle Pretoria sal invaar en dat die Boervroue sal huil. Ja vir Oliver Tambo word dan aanhoudend uitgeroep. Nelson Mandela word aanhoudend besing. Daar word gesing dat hulle die blankes met hulle kinders sal aanval en dood met die

bystand / ..

bystand van Oliver Tambo. Die terroriste en die opleiding wat hulle deur Tambo gekry het word besing. Dan word daar openlik gesing dat Tambo hulle hand moet neem en hulle moet lei en dan is daar mense wat in die saal rondloop met iets soortgelyk aan AK.47 gewere en dit in die lug hou tydens die vergadering. Dan is daar ook paragraaf 40.2 is die spreker Mbuweni waarna verwys word. Sy verwys uitdruklik na geweld, ek verwys na die aanhaling daaronder waar sy die vryheidstryd vergelyk met geboorte en sê sy sy weet net soos in geboorte is daar bloed maar die eindresultaat is dan geluk. Dit is soos die lewe is. "The struggle needs our sacrifice, needs our blood". Dan die volgende getuie Benedita Monama, sy verwys uitdruklik in paragraaf 40.3.1 na Nelson Mandela, Water Sisulu, Cathrada en die ander wat sy "our leaders" noem. Sy assosiëer uitdruklik met die mense. En dan verwys sy verder in paragraaf 40.3.2, bladsy 412 verwys sy na die 1976 onluste en dan sê sy "our struggle has changed qualitatively in the short time the peace that the apartheid regine had was gone, hopefully not to come back", met ander woorde sy maa dit aan die gehoor, word betoog, duidelik dat vrede nie sal terugkeer nie, hulle wil eers hulle vryheid hê. Dan op bladsy 423, paragraaf 40.3.4 word betoog dat sy die vryheidstryd voorhou as 'n rewolusie en sy moedig die jeug aan om betrokke te wees in die anti-CI (?) kampanje, die anti-apartheid kampanje wat sy noem, die anti-community council kampanje en die een teen die nuwe grondwet en sy sê hulle het 'n "very vital role to play". En dan bladsy 414, paragraaf 40.3.6 word weer bevestig dat die vryheidstryd in wese 'n rewolusionêre oorlog is en dan verwys sy spesifiek daar in die aanhaling, die laaste

paar / ..

paar sinne, dit is onderstreep: "and that change, genuine change shall be brought through revolutions, through the total overthrow of the faceless regine. This knowledge tnat the students so acquired but be made available to the masses of our people". Ook hier word dan verklaar dat die regering moet met geweld omvergegooi word deur ꞌn rewolusie. Dan paragraaf 40.3.7, daar word die belangrikheid van die "day to day issues" beklemtoon aan die gehoor. Daar word gesê "they should know that the final battle is on the anvil of the grim ugly day to day struggles in the factory floor and in the communities". Ook word die vroue by hierdie vergadering wys gemaak dat hulle deel is van die "national democratic struggle" and word gesê dat die Freedom Charter die baken sal wees waarvolgens die vroue hulle stryd moet voer - ek verwys na paragraaf 40.3.9 en bladsy 415 bo-aan. Dan wil ek verwys spesifiek na paragraaf 40.4, hier is deur die verdediging gepoog om te vertel dat vryheidsliedere word gesing - dit is een van die metodes wat die geskiedenis weergegee word en dit was spontaan gesing en dié tipe van dinge, maar as die hof gaan kyk na wat hier gebeur het, by dié vergadering, vind ons dat Albertina Sisulu, een van die presidente van die UDF, sy het ook haar toespraak gelewer en sy verwys ook na die rewolusie maar daar word spesifiek versoek naamlik "could we raise her by a good revolutionary song, comrades" en dan die rewolusionêre lied wat hulle sing is dat die rewolusionêre kom met hulle gewere. Dit word betoog dat hierdie is ꞌn aanduiding dat die liedere nie sommer net gesing word nie maar dat dit ꞌn spesifieke doel het wanneer hulle gesing word op hierdie vergaderings. Dan verwys ek u na bladsy 416 waar Albertina Sisulu die vroue wysmaak op

die / ..

die vergadering "that now we become one of the standard pillars of the revolutionary efforts" en dan doen sy 'n beroep op die mense, die vroue om hulself te mobiliseer en te organiseer in hierdie vryheidstryd. Ook Amanda Kwai van FEDSAW, paragraaf 40.7 was 'n spreker op hierdie vergadering en ook sy het die vroue aangestig om deel te wees van die rewolusionêre oorlogvoering en deel te wees van die vryheidstryd sodat hulle apartheid kan "crush" - ek verwys daar na bladsy 417 - en sy het ook verwys na die knelpunte, die tuislande, die ekonomie, die huur, konstitusie, instromingsbeheer, verskuiwings, arbeidsaangeleenthede, die veiligheidsmagte, die sogenaamde onderdrukking, die politieke gevangenes om die massas en die vroue op te sweep.

DIE HOF VERDAAG TOT 3 AUGUSTUS 1988.

DIE HOF HERVAT OP 3 AUGUSTUS 1988

MNR FICK: Dankie, edele, al die beskuldigdes is teenwoordig vanmôre. Na aanleiding van die vraag wat u my gevra het ten opsigte van bladsy 369 van die betoogshoofde, paragraaf 2.8, dit is oor "The State of the Nation", daar wil ek vir die hof vra om dit te wysig na SASPU National. Dit is 'n fout daar, die aanhaling is reg maar die dokument is SASPU National.

HOF: Wag net so 'n bietjie.

MNR FICK: Bladsy 369, paragraaf 2.8.

HOF: Moet ek daar inskryf SASPU National?

MNR FICK: Korrek. Die aanhaling is korrek, ek het net die verkeerde koerant aangehaal.

MNR FICK: En nou is ons op bladsy 428 onder-aand. Die staat verwys vervolgens na die begrafnis van Bongani Khumalo die sekretaris van COSAS. Dit is duidelik daaruit dat die begrafnis is weer een van die voorbeelde, word betoog van hoe begrafnisse uitgebuit is deur die organisasies, wat hulle baniere, hulle T-hemde, hulle beleid daar gaan verkondig het en meer spesifiek wil ek betoog op bladsy 429, paragraaf 3.1.3 dat die gehoor het tydens die optog na die graf die polisie uitgeskel as honde en die polisie met klippe begin gooi en daarna het die polisie traanrook gebruik. Ek wil aantoon dat dit is 'n bewys van hoedanig word die mense op die begrafnis opgesweep dat hulle oorgaan tot geweldpleging teen die polisie, na aanleiding van wat gesing word en wat gesê word op hierdie begrafnisse. En dan betoog ek dat behalwe vir die gebed in die kerk aan die begin van die diens en die gebed by die graf is daar niks maar niks wat vereenselwig kan word met 'n normale begrafnis nie. Op bladsy

430 / ..

430 betoog ek bo-aan dat die getuienis van dr Motlana wat die diens bygewoon het, sy getuienis hieroor behoort verwerp te word. Ek sal later weer spesifiek daarna terugkom. Beskuldigde nr.16 se getuienis behandel ek dan verder wat oor Soweto handel van bladsy 430 af, en ek wil aan die hand doen dat bladsy 431, paragraaf 4.6, dat sy getuienis dat hy nie geweet het dat die Soweto Civic Association geaffiliëer is met die UDF nie is vals. Hoe kan dit wees dat mnre Bokala, Chikane en beskuldigde nr.19, almal lede van die SCA nooit bekend gemaak het aan hom dat die SCA geaffiliëer is by UDF of dat dr Motlana gekies is op die uitvoerende komitee nie? En dan wat hiermee saamval op bladsy 433, paragraaf 4.17, is dit uit die S-reeks bewysstukke duidelik dat 'n hele aantal persone van die Soweto Civic Association etlike vergaderings van die UDF bygewoon het en dit is totaal onaanvaarbaar, word betoog, dat nie een van hierdie mense ooit aan beskuldigde nr.16 sou gerapporteer het dat die Soweto Civic Association is geaffiliëer nie. Beskuldigde nr.16 se weergawe word betoog verder op bladsy 434, paragraaf 4.18 dat die Soweto Civic Association nie met die UDF saamgewerk het nie is met respek verkeerd, dit word weerspreek deur die notules van die verskillende vergaderings sowel as BEWYSSTUK 26, wat by die hof ingehandig is. Dan betoog ek onder aan bladsy 434 dat beskuldigde 16 se ontkenning dat die Soweto Civic Association by die Daleside werkswinkel betrokke was is óf vals óf dit is duidelik dat die sekretaris van die SCA glad nie op hoogte is met sy organisasie se werksaamhede nie, want die vraag ontstaan dadelik wie het hierdie uitnodiging ontvang by die SCA, wie het gereël - hy is die sekretaris - dat hierdie mense dit moet

bywoon/..

bywoon? Dan gaan ek na bladsy 437 toe, dit is paragraaf 4.27 nog steeds beskuldigde 16 se getuienis. Dit word betoog dat sy weergawe ook dat die SCA niks met die sogenaamde "Black Christmas" kampanje in 1984 te doen gehad het nie, word weerspreek deur BEWYSSTUK AA.8 en sy getuienis dat hierdie kampanje was "a campaign to save the people from themselves" was klaarblyklik vals as die hof kyk na die inhoud van BEWYSSTUK AA.7 en AA.8. Op bladsy 438 word uitdruklik gesê dat die kampanje word gevoer sodat die mense moet dink aan "those dying daily of being shot by police and the army" en dan word 'n klomp ander aspekte bygesleep. Ook beskuldigde se ontkenning, bladsy 438, paragraaf 4.28, dat die SCA na die November 1983 verkiesings steeds 'n kampanje teen die swart plaaslike besture gevoer het word deur BEWYSSTUK AM.23 (die resolusies van die SCA) weerspreek waar hulle sê die SCA "should mount its campaign to ensure that councillors should resign from these structures". Ook beskuldigde 16 se getuienis in paragraaf 4.29 dat die Soweto Civic Association op sy eie, onafhanklik van die UDF, hierdie kampanje sou gevoer het teen die swart plaaslike besture word in BEWYSSTUK C.110 weerspreek waar die UDF sê dat hierdie kampanje "resulted in the strengthening" van die SCA onder andere. Dit word verder betoog op bladsy 439 dat beskuldigde nr.16 se relaas dat die Soweto Civic Association net belangstel in plaaslike kwessies is ook vals. Daar kan net verwys word na BEWYSSTUK AU.7, dr Motlana se - AU.7, paragraaf 4.31 bladsy 439, wat dr Motlana aanhaal, waar gesê word dat, beweer word dat hy sou gesê het "we are interested in power, not a platform just to air grievances. We want power to vote, to make the laws of this country and to administer

this / ..

this country". Dit word dan betoog..

HOF: Wat is 4.32, die verwysing na die bewysstuk, BEWYSSTUK C.5.0?

MNR FICK: Ekskuus, dit is BEWYSSTUK C.50..

HOF: O, daardie komma moet uit?

MNR FICK: Dit is 'n komma wat nie daar hoort nie. Dit word verder betoog ten aansien van beskuldigde nr.16 dat as hy die waarheid praat dan beteken dit dat iemand êrens in UDF het alewig op al die vergaderings wat deur die K, M, N, O, P en Q-bewysstukke gereflekteer word, die notules, het iemand êrens in UDF valslik die SCA se naam loop neerskryf as 'n verteenwoordiger by hierdie vergaderings. Niemand van UDF is geroep om dit te kom sê in elk geval nie. Ook op bladsy 440, paragraaf. 4.34, beskuldigde 16 se getuienis dat hy weet van geen onrus in Soweto in 1984 nie word weerspreek nie net deur BEWYSSTUK AM.15, die sogenaamde "Occurrence Book for Transvaal" wat deur UDF bygehou is nie maar dit word betoog dat selfs Motlana in sy getuienis later weerspreek beskuldigde nr.16. Hy het naamlik getuig, ek verwys later in die betoogshoofde daarna, dat in 1984 het die geweld geëskaleer; dit het eintlik nooit opgehou nie maar in 1984 het dit skielik weer geëskaleer in Soweto. Dan van bladsy 440 tot bladsy 444 behandel ek die getuienis van beskuldigde 16 soos hy beweer, gesê het wat het gebeur op die vergadering van 19 Augustus 1984 in Sharpeville. Ek wil niks verder daaroor sê nie behalwe om aan te toon dat die passasies wat hier aangehaal is, toon duidelik aan dat beskuldigde 16 weerspreek etlike stellings van die verdediging oor wat op die vergaderings sou gebeur het. Hy weerspreek die ander verdedigingsgetuies oor wat gesê sou gewees het

op / ..

op hierdie vergaderings. Hy weerspreek wat hy self sou gedoen het ten aansien van die sogenaamde kennisgewing wat die verweer was dat hy sou dit nie opgeskeur het nie, maar wat hy daarmee sou gemaak het. Dan wil ek gaan na bladsy 445, dit is die getuienis van mnr L L Mosala.

HOF: U het hierdie nou geresorteer onder Soweto maar dit moet eintlik inkom onder daardie vergadering.

MNR FICK: Dit is so.

HOF: Het u 'n kruisverwysing gemaak daar?

MNR FICK: Ongelukkig nie.

HOF: Nou as ons daarby kom, verwys ons net na 441 anders gaan ons nie die verwysing hê nie.

MNR FICK: Ek sal so maak. Dan bladsy 445, dit is die getuie wat die verdediging geroep het ten aansien van Soweto, mnr Mosala. Ek betoog daar in paragraaf 5.1 dat sy getuienis basies handel oor die gebeure in Soweto voor die stigting van die UDF. Hy het onttrek uit die SCA se aktiwiteite voor die stigting van UDF en dit word betoog dat selfs al aanvaar die hof hierdie getuie se getuienis oor die geskiedenis van Soweto en die "Urban Bantu Councils" en die "community councils" in toto, dra dit niks by tot die beslegting van die geskilpunte voor hierdie hof nie. Wat ek wel sê in paragraaf 5.2.2. is dat hierdie getuie gee toe, anders as meeste van die ander verdedigingsgetuies dat vryheidsliedere wel gesing word om sekere leiers te prys. Hy bevestig dan ook dat die lied "Tambo is in the bush busy training the soldiers" na 1976 se onluste ontstaan het en veral deur die jeug gesing word. Bladsy 447, hy bevestig ook anders as beskuldigde 16, paragraaf 5.2.9, dat die SCA wel met jeugorganisasies saamgewerk het ten opsigte van herdenkingsdienste en die proteste teen

huur / ..

huur. Ek betoog in paragraaf 5.2.11 dat hierdie man is 'n bevooroordeelde getuie, hy kom na die hof toe, hy is bereid om vir hof te kom vertel dat sogenaamde "soldiers" by die Tladiskool die skoliere "aatacked", aangeval het, maar dit blyk dat hy glad nie weet hoekom hulle dit gedoen het of hoekom die skoliere - wat hulle voor die tyd gedoen het nie. Tog is hy bereid om vir die hof te kom vertel hulle het die skoliere aangeval. Hierdie getuie bevestig ook dr Motlana se getuienis, paragraaf 5.2.13 dat in 1983/84 was daar busse aangeval en met klippe gegooi en busse was verbied om Soweto binne te gaan tydens die busboikotte. Dit is ook strydig met nr.16 se getuienis, dat daar niks gebeur het in 1984 nie. Dan gaan ek na bladsy 448 toe, dit is die getuienis van dr E Khuzwayo. Dit word betoog sy is geen deskundige op die gebied waaroor sy getuienis gegee het nie. Sy gee voor dat sy 'n besondere studie oor die jeug en veral die swart gemeenskappe gedoen het, en hulle probleme, maar sy het nog nooit van die "education charter" gehoor nie. Dit word betoog in paragraaf 6.4 dat sy na 1982 ook nie by die SCA betrokke is nie en sy kan die hof ook nie behulpsaam wees by die beoordeling van enige van die knelpunte voor die hof nie. Dan bladsy 449, paragraaf 6.10, het hierdie getuie kom getuig oor sogenaamde vryheidsliedere en herdenkingsdienste wat sy bygewoon het maar uit al die vryheidsliedere wat aan haar gestel is soos dit in die V-reeks voorkom, het sy kwalik een geken. Sy ken nie die goed nie. En dan haar getuienis oor haar bywoning van die herdenkingsdiens is ook teenstrydig. Aanvanklik beweer sy dat sy van 1983, 84 en 85 hierdie dienste bygewoon het en later kom sê sy weer, dit is op bladsy 450 bo-aan, dat "..the last commemoration meetings I attended

was some time round about 1982". En dan paragraaf 6.15 op bladsy 450 heel-onder bevestig die getuie dat die menings wat sy aanvanklik in haar hoofgetuienis gegee het oor UDF se se resolusies dat sy dit terugtrek omdat sy nie die vaagste benul het oor watter uitleg UDF self heg aan die resolusies nie. Dit word respekvol ten slotte betoog, bladsy 451 bo-aan dat die getuie se getuienis in wese bevestiging is van die staat se argument dat griewe wat bestaan het of wat op 'n losse basis aangepak was deur die verskillende organisasies deur UDF gekoördineer is. Dit word verder betoog in die lig van die gebrekkig kennis van dië getuie oor UDF en sy affiliale se beleid het haar getuienis weinig waarde indien enige het vir hierdie hof.

Dan behandel ek die getuienis van biskop Buthelezi en ek wil betoog dat hierdie getuie wat kom getuig het oor die sogenaamde prosedures in kerke en die gedrag en liedere is gebrekkig. Hy kon ook nie - sy pong om 'n onskuldige uitleg aan "Mkhonto we Sizwe" te gee het nie geslaag nie. Hy het gepoog om vir die hof te vertel op bladsy 452 bo-aan dat baniere in swart, groen en geel word beskou as blote deko rasies in sale en ek betoog aan die hof dit is inherent so onwaarskynlik dat dit verwerp moet word. Hy vertel vir die hof as die vlag nou op 'n kis is dan simboliseer dit iets, hy weet nie wat nie, maar dit simboliseer iets. Hy bevestig in paragraaf 7.6 dat kerkliedere deur die organisasies verander word en aangewend word as vryheidsliedere. Sy getuienis dat die herdenkingsdienste op 16 Junie nie misbruik word deur organisasies nie maar dat dit "the focal point is always what June 16 stands for..", word met respek deur die bewysstukke voor die hof wat oor dië dag handel, weerspreek. En dan

verwys / ...

verwys ek onder andere na BEWYSSTUK 14. Uiteindelik gee die getuie dan toe in paragraaf 7.8 dat herdenkingsdienste word altyd gebruik vir oproepe op die gehoor om by die vryheidstryd aan te sluit. Ek doen aan die hand op bladsy 453 paragraaf 7.11 dat die biskop se getuienis met betrekking tot vryheidsliedere is ongeloofwaardig. Hy is 'n man wat vrae ontwyk, spekuleer, hy kan nie gevalle aandui waar liedere gesing is, watter liedere gesing is nie en dan gee ek die klomp passasies vir die hof. Op bladsy 454, paragraaf 7.14, die biskop bevestig BEWYSSTUK AAW.2 maar hy getuig dat COSAS hom meegedeel het dat hulle die SRCs wil hê sodat dié hulle in staat sal stel om die skoliere te politiseer en dan haal ek hom aan "to enable students to politically understand the problems they face at school and to link these problems with the general struggle outside the schools". Dan verwys ek van paragraaf 7.17 onder-aan bladsy 454 na die sogenaamde vergadering wat gehou is in Geneve en op bladsy 455, paragraaf 7.21, betoog ek dat biskop Buthelezi se verduideliking oor die bewering in BEWYSSTUK CA.36, naamlik dat die SARK mense gehelp het om die land uit te gaan vir "security reasons", naamlik dat hulle mense help om die land uit te kom wat deur hulle bure getreiter word is verwerplik en 'n aanduiding van dié getuie se ongeloofwaardigheid. Met alle respek waarom sou die kerk 'n man wou help as daar buretwis is om die land uit te gaan? Hulle kan hom miskien na 'n ander woongebied laat gaan maar die land uit? Ek wil hier betoog dat hierdie stukkie dokument verleen sterk bevestiging vir die getuienis van van IC.8 wat vir die hof kom vertel het dat hy was inderdaad by die SARK se kantore en hy is inderdaad daar as 'n ANC-terroris gehelp. Dan op

bladsy / ..

bladsy 456 bo-aan, paragraaf 7.23 word betoog dat die getuie Buthelezi wat later getuig het oor die NECC se werksaamhede is gebaseer op hoorsêgetuienis. Hyself het geen eie kennis oor die werksaamhede van die liggaam nie en dit word betoog dat die hof sy getuienis oor wat die NECC nou werklik sou wees moet verwerp. Dan behandel ek die getuienis van dr Motlana wat oor Soweto getuig het. Dié getuie in paragraaf 8.1 op bladsy 456 se hele beskrywing van die affiliasie van die Soweto Civic Assocation en die UDF en die persepsie in die SCA almal aanvaar van die begin dat die SCA met UDF geaffilieër het, is strydig met beskuldigde 16 se weergawe. Beskuldigde 16 probeer weergee dat hy as sekretaris niks geweet het van die affiliasie nie en nooit onder die indruk was dat die SCA geaffilieër is voor Oktober 1984 nie. Dr Motlana kom in sy hoofgetuienis en hy vertel vir die hof dat hy het "several" UDF Transvaal vergaderings bygewoon maar hy in kruisverhoor sê hy dit is iets tussen drie en vier, hy weet nie presies nie. Dan op die volgende bladsy 457, paragraaf 8.5 hier is die aanhaling wat ek vroeër na verwys het dat dr Motlana gee toe dat in 1983/84 was daar 'n eskalasie van geweldpleging in Soweto. Dit is direk strydig met nr.16 se getuienis dat hy nie weet van enige geweld in 1984 in Soweto nie. Nou hierdie getuie gee ook toe dat Soweto Civic Assocation, COSAS en die ander organisasies nou saamgewerk het op onderwysgebied in Soweto wat nr.16 ook nie bereid was om te erken nie. Hy bevestig - ek het gister daarna verwys - in die volgende paragraaf 8.7, dr Motlana bevestig dat Vusi Khanyile die sekretaris van SCA was en betrokke was by die onderwyskrisis en hy was ook sekretaris van die NECC. Hy bevestig verder dat hy

Zwelatshe / ..

Zwelatshe Sisulu se toespraak, 'n afspraak daarvan in die hande gekry het na die kongres in Maart 1986 te Durban. Dan bladsy 458 gee hy toe dat die Soweto Civic Association die stryd vir 'n sogenaamde "people's education" steun en dat die stryd deel is van die breë "national liberation struggle", en hy bevestig ook dat die stryd vir "people's education" is 'n stryd vir "people's power". Hy beweer verder dan dat die NECC bestaan uit geaffilieërdes van UDF en dit word betoog in paragraaf 8.8 dat dr Motlana was nie eerlik met die hof nie, hy wou nie die hof in sy vertroue neem oor wie agter die stigting van die UDF Transvaal sit nie. Hy word genooit na die stigting, hy vind nie uit wie is agter die ding nie en na al die jare tot hy hier kom getuig het, het hy nog nie geweet wie sit agter die stigting van die UDF nie. Dan paragraaf 8.12, bevestig dr Motlana dat op die stigtingsvergadering van die UDF nasionaal is resolusies aanvaar dit is om aspekte te identifiseer waarom UDF kampanjes moes voer. Dan paragraaf 8.14 op bladsy 459 oor dr Motlana word betoog dat sy hoofgetuienis 'n hele aantal aspekte noem waaroor die sprekers op die VCA stigting nou sou gepraat het en wat hulle definitief nie sou gesê het nie maar in kruisverhoor gee hy toe dat hy niks weet van hierdie vergadering nie, hy weet nie wie gepraat het en wie wat gesê het nie. Ek wil aan die hand doen dit is ook 'n voorbeeld van die bevooroordeeldheid van hierdie getuie wat moes kom getuig het vir die verdediging. Dan paragraaf 8.15 gee hy toe dat die SCA in Soweto vergaderings gehou het; dat hulle sprekers by die vergadering gehad het wat oor sekere aspekte gepraat het en voorstelle gemaak het waarna besluite geneem is. Hieroor wil ek verder vir die hof betoog, dit is na aanleiding

van / ..

van hoe die ding eintlik werk. Dit is hier tot satwordens toe in die hof vertel deur die verdedigingsgetuies dat die "community" en die "residents" het die besluite geneem en hulle het dit gedoen en wat so voel en dit is die residents wat dat doen, maar in wese wat aan die gang is, is dat hierdie mense word op die vergaderings geïndoktrineer deur uitgekiesde sprekers wat oor sekere aspekte kom praat soos hier weer en dan kom hulle, nadat hulle geïndoktrineer is kom hulle tot 'n besluit en daar word verkondig vir die wêreld dit is die "residents". Bladsy 460, paragraaf 8.18 kom die leier van UDF en getuig dat hy vereenselwig hom met die siening van die regering is onwettig. Dr Motlana se subjektiwiteit spreek boekdele waar hy nie eens bereid is om toe te gee dat 'n vryheidslied wat handel oor: "our Mandela, our Tambo..we will follow him, our ANC..we will follow it even if we are arrested.." bedoel is om die ANC se leiers te populariseer nie, maar in paragraaf 8.21 gee hy uiteindelik toe dat die slagspreuke en vryheidsliedere gesing word en dan haal ek hom aan, "to popularise the struggle and to conscientise the people to partake in the struggle, to identify with the struggle". Dan op bladsy 461 paragraaf 8.23, ek het vir die hof gister gesê dat daar word betoog dat dr Motlana se getuienis omtrent Oscar Mpetha se toestand op die SOYCO-vergadering is leuenagtig. Ek gee die redes hier waarom ek so sê. Ek wil aan die hand doen dit spreek vanself, dit behoef geen verdere betoog nie. Bladsy 462, paragraaf 8.27, vind ons ook die verdere betoog waarom die staat sê dr Motlana se getuienis oor die Bongani Khumalo-begrafnis is ook vals. Hy word genooi deur die COSAS bestuur, 'n gewone lid van COSAS kom keer hom om te praat,

hy / ..

hy staan nie op in die vergadering en sê maar wat is aan die gang nie, hy gaan nie na die tyd en vra om 'n verduideliking nie; COSAS self vra hom nie 'n verduideliking nie en dit is ons submissie soos in paragraaf 8.28 gesê word - ek wil net eers 'n fout regmaak, op die derde reël, paragraaf 8.28 staan daar "die staat se substansie", dit moet wees "submissie". Dit is die staat se submissie dat hierdie man nie gevra was om te praat op hierdie begrafnis nie. Paragraaf 8.31 bevestig dr Motlana dat die Transvaal areakomitee wat ex facie BEWYSSTUK AB.7, dokument 6, hierdie dokument uitgegee het uit die geaffilieerde organisasies van die UDF bestaan en dit is die dokument wat die persverklaring van COSAS is wat oor die 5/6 November 1984 se "stay away" gemaak is en waar hulle vir die mense gesê het hulle moet voldoen aan die eise van die gemeenskap "or face the wrath of the people". Hier bevestig dr Motlana dat die mense wat dié ding uitgegee het is die geaffilieerdes van UDF. Sy getuienis oor die "stay-away" self met alle respek is vals. Eers probeer hy vir die hof vertel hy weet nie van die "stay-way in November 1984 nie en dan draai hy om en dan kom vertel hy vir die hof later dat daar het geen geweld uitgebreek op hierdie "stay-away" nie. Paragraaf 9.2 word betoog dat die SCA nie in "local issues" belang gestel het soos nr.16 probeer voorgee het nie want in BEWYSSTUK W.74, dit is die SCA se eie dokument word dr Motlana aangehaal en hy het dit hier in die hof bevestig: "ours is a simple demand: one man, one vote in an undivided fatherland. Nothing else will restore peace in this land". Dan van bladsy 465 tot 466 haal ek in paragraaf 9.5 'n klomp notules aan van die UDF Transvaal, almal waarby die SCA betrokke was en ek wil net

aan / ..

aan die einde hiervan ten slotte betoog dat hierdie is 'n aanduiding dat die SCA inderdaad al die kampanjes van die UDF nie net ondersteun het nie maar hulle het selfs op die vergaderings loop sit waar die goed beplan is en bespreek is. Ek verwys in paragraaf 9.6 na SOYCO wat sy program van aksie, waar hulle dit duidelik maak dat hulle in Soweto ook daarop uit is "to root out and destroy all the reactionary and counter-revolutionary elements throughout the country and the world", dit is miskien bietjie idealisties maar dit is definitief die "country" wat hulle in gedagte het en ek wil aan die hand doen dat dit pas in elk geval in by wat op hierdie SOYCO-vergadering gebeur het, al die geweldpleging wat daar gepropageer is soos reeds voorheen bespreek en beskuldigde nr.20 het BEWYSSTUK AB.39 namens UDF loop stuur aan SOYCO en dan bevestig hy weer eens dat hierdie SOYCO is 'n militante organisasie, dat hulle die voorbeeld wat gestel is deur die ANC Youth League moet hulle navolg en dan word dit ten slotte respekvol betoog dat die staat wel bo redelike twyfel bewys het dat die organisasies in Soweto aktief saamgewerk het, dat hulle hulle verbind het tot 'n gewelddadige rewolusie vir die omverwerping van die staatsgesag en die daarstelling van 'n regering gebaseer op die Freedom Charter.

Edele dan ten aansien van Alexandra..

<u>HOF</u>: Net 'n oomblik ons moet nou oorgaan na 'n ander volume.

<u>MNR FICK</u>: Ek wil net eerstens die hof vra om bladsy 470 paragraaf 1.4 onder-aan, waar verwys word na 'n vergadering van 19 Junie 1963. Dit is 'n tikfout, dit moet wees 1983. (Bespreking met verdediging oor nommer van bladsye) Ek wil eerstens meld dat nie 'n enkele getuie wat deur die

verdediging/..

verdediging geroep was om oor die gebeure in Alexandra te kom getuig - daar is net beskuldigde 19 geroep om oor een stukkie van 'n vergadering wat hy sou bygewoon het, te kom getuig, verder is daar niks geroep nie en etlike stellings wat deur die verdediging gemaak is, is net so gelos. Dit is nie weerspreek nie, dit is nie verduidelik nie, dit staan net so los op rekord. Of bevestig nie, daar is net niks daaraan gedoen nie. Dan op bladsy 472 betoog die staat dat uit die transkripsie van die verrigtinge van hierdie diens dit is V.23, is dit duidelik dat daar sekere knelpunte weer aangegryp is om die massas te mobiliseer en is dit ook duidelik dat op dié vergadering het Vusi Shabalala met 'n COSAS T-hemp, llop hy met 'n swart, groen en geel vlag op die vergadering rond; dat die vrou ook met 'n COSAS T-hemp sy lei die slagspreuk "Oliver Tambo"; dat Ernest Ndlovo wat op die bestuur dien het ook die swart, groen en geel vlag rondgedra op die vergadering. Op die vergadering was die gehoor so opgesweep dat hulle geskreeu het uiteindelik Botha is 'n terroris. Daar is 'n plakkaat op die vergadering vertoon wat die boodskap van 'n veroordeelde ANC-terroris bevat, tentoongestel en dan word betoog in paragraaf (vi) dat selfs die predikant op hierdie diens, eerwaarde Moleleki was so opgesweep dat hy tydens sy gebed die gehoor verder opgesweep het teen die staatsgesag en die dade van die drie veroordeelde geweldenaars van die ANC regverdig het. Hy het hulle ook sommer pertinent wysgemaak dat hulle is in 'n oorlog betrokke. Hy het die woord "war" gebruik. En dan oor die baie getuienis wat die verdediging hier probeer gee het oor die sogenaamde "enemy" wat nou iets abstrak sou wees word in die laaste sub-paragraaf betoog dat Sipho Kobeka

van / ..

van SOYCO, hy het aan die gehoor uitgewys dat die vyand is die blanke. Ook Obed Bapela, een van die bestuurslede van COSAS en AYCO, bladsy 474, kondisioneer die massas om hulle te vereenselwig met Mosololi (moet dit wees), Motaung en Mogoerane en die ANC-leiers op Robbeneiland. Dan ook die vryheidsliedere wat gesing word is om die massas te kondisioneer om die ANC en die leiers van die ANC te aanvaar as hul eie leiers en te identifiseer daarmee en dieselfde tyd om die regering te verwerp. Daar word weer gesing dat Botha is 'n terroris, etlike kere. Dan verwys ek op bladsy 475 na die stigtingsvergadering van AYCO, dit is BEWYSSTUK V.4. Ek verwys daar na 'n paar aspekte, dat daar is gesing weer "Tambo is ons leier, bladsy 476 en dat "Die hooggeregshof is besig om te brand". Ene Brian van SOYCO, hy verwys na Moses Kotane van die ANC. Ook Frank Chikane skree saam, dit is die leier van die UDF, skree saam oor Oliver Tambo en dan verwys ek verder na bladsy 355 tot 368 van die staat se betoog by die aansoek om ontslag. Daar is eintlik bitter min wat ek daaruit die hof wil verwys, uit die betoog, dit spreek vanself maar ek wil net na een bladsy verwys, dit is 358 waar die gehoor wys gemaak word, dit is paragraaf - bladsy 358, paragraaf 33.3.3.

ASSESSOR: Watter volume is dit?

MNR FICK: Volume 1. Daar word die gehoor wys gemaak in verband met die rewolusie en dan word die voorbeelde aangehaal van Vietnam, Nicarague, Cuba, waar almal weet wat nie vreemdelinge vir die wêreld is nie dat daar gewelddadige rewolusies was, word hulle aangehaal as voorbeeld en gesê hierdie mense het nie net gesing vir die rewolusie nie, hulle was in die rewolusie en dan word daar gesê, gaan uit (30

na / ..

na julle vriende toe: "go out and organise all those who are around us, our friends, our schoolmates, our brothers and our sisters". Hierdie man is nie gerepudiëer nie, hy is nie weerspreek nie, daar is nie vir die gehoor gesê maar ons vereenselwig ons nie met hierdie man se toespraak nie, dit is net so gelos. Dan verwys ek vervolgens na paragraaf 1.6 op bladsy 477, dit is die 16 Junie 1984-diens te Alexandra, waar weer eens Paul Mashatile en Ernest Ndlovo saam as voorsitters opgetree het - dit is die bestuurslede hierdie van AYCO en COSAS. Dit begin op bladsy 477 maar ek wil aanhaal uit bladsy 478. Paragraaf 1.6.5. het die getuies getuig vir die staat dat ene Mathilda Gazela, sy is van die Alexandra Women's Organisation, op hierdie vergadering kom praat en sy het gesê die vroue moet "unit", hulle moet die guerillas wat buite die land is en terugkeer na die land, moet hulle ontvang, hulle moet hulle plekke van beskerming gee. Hierdie getuienis is nooit weerspreek deur die verdediging nie. Beskuldigde nr.19 was op die vergadering, hierdie vergadering, maar volgens sy eie getuienis het hy laat gekom; hy het hierdie vrou nooit hoor praat nie en hierdie getuienis staan voor die hof. Daar is ook op hierdie vergadering 'n plakkaat gewees van 'n persoon wat 'n AK.47 vashou met die woorde "Solomon Mahlangu" op. Dit is paragraaf 1.6.8, en dan sê die getuie op dieselfde bladsy 478 dat langs die mense wat by die tafel gesit het het daar persone gestaan wat 'n ANC-vlag vasgehou het wat hy ken. Hy het die ANC-vlag al in Botswana gesien. Dan word daar ook getuig dat die ANC, Mkhonto we Sizwe en Tambo verheerlik is op hierdie vergadering en dan verwys ek na bladsy 482 tot 483, dit handel oor beskuldigde 19 se

getuienis / ..

getuienis oor die vergadering. Dan sê ek in paragraaf 1.6. 25.1 dat alhoewel dit gestel is aan die staat dat beskuldigde 19 die laaste spreker op die vergadering was, wat ontken is het beskuldigde 19 self nie getuienis kom gee nie. Beskuldigde 19 betwis nie die skree van "Viva Tambo, ANC, Amandla, Oliver Tambo, viva Mkhonto we Sizwe en Viva Mandela" nie of die dra van UDF en AYCO T-hemde op hierdie vergadering nie. Dit is insiggewend dat beskuldigde 19 ontken dat daar 'n ANC-vlag was op die vergadering. Hy getuig nie 'n woord oor die bewering van die staatsgetuies dat die mense na afloop van hierdie vergadering met 'n swart, groen en geel vlag die woongebied ingehardloop het nie. Dan swyg hy daaroor. Hoewel dit gestel was aan die staatsgetuies dat die diens deur priesters gereël is na 'n twis tussen die plaaslike organisasies kom gee beskuldigde 19 geen getuienis hieroor nie maar inderwaarheid verleen hy bevestiging deur te getuig dat eerwaarde Chikane van UDF hom gevra het om 'n UDF-spreker te wees. Dan paragraaf 1.6.25.7, beskuldigde 19 swyg ook oor die getuienis van die staat dat daar COSAS, AYCO en UDF-baniere vertoon was, alhoewel daar 'n stelling aan die staatsgetuies gemaak was dat daar was geen sulke baniere nie. Dan op die volgende bladsy wat handel oor die getuienis van IC.22 wat na die ANC se kantore is en waar dit blyk dat hy sekere opdragte van die ANC gekry het wat hy kom oordra het aan Naude Moetsiye (of Moetsi). Ek wil net vra die laaste paragraaf, 1.7.7 is daar iets uitgelaat, dit moet wees Naude wat daar inkom. IC.22 sê sy ontmoeting met Naude en gaan na Botswana was 'n geheim. Dan op bladsy 485 gee hierdie getuie IC.22 verdere getuienis van hoe hy ANC-opdragte gekry het wat hy aan die bestuur van AYCO

gaan / ..

gaan oordra het en ook aan die bestuur van COSAS. Hy getuig ook hoedat hy die opdrag gekry het dat die raadslede en die polisie aangeval moet word met klippe; dat die ANC dit aan hulle gesê het en hy het dit aan hulle gaan oordra, die mense van AYCO. Dit is nooit eers weerspreek nie. Dan op bladsy 489 verwys ek na die begrafnis van Vincent Shabalala waar dit duidelik is dat die ANC-terroris begrawe is onder die COSAS/AYCO baniere. Die foto's is ingehandig by die hof en dan van bladsy 489 tot bladsy 492 haal ek aan die stellings aan wat die verdediging gesê het wat hulle saak is en wat hulle gaan sê, wat nooit gesê is nie. Dan uit die bewysstukke, bladsy 492, betoog die staat eerstens BEWYSSTUK M.2, paragraaf 3.1, dat dit duidelik is dat AYCO vergaderings bygewoon het van die UDF, dat AYCO die geaffilieërde van Alexandra ook die kampanje teen die swart plaaslike besture in Alexandra gevoer het. Bewysstuk R.2 bevestig dat AYCO deelgeneem het aan die beplanning van die saamtrek, jeugsaamtrek van UDF. Dan verwys ek op bladsy 494, dit handel oor BEWYSSTUK U.4, die laaste paragraaf, 3.3.6 word betoog dat die kursusgangers daar by Daleside, die Daleside seminaar, daarop gewys is dat die verband tussen die "struggles" van die skoliere en werkers gesimboliseer moet word deur sprekers uit dié groepe op dieselfde vergaderings te verkry. Nou dit word betoog dat dit is presies wat deur al die organisasies gedoen was, deur die VCA, hulle het sprekers van die vroue gekry, van die jeug; dit is deur AYCO gedoen sover as mens gaan, van UDF, is dit die taktief wat gevolg is, wat hier op hierdie seminaar voorgestel is. Dan betoog ons op bladsy 494, paragraaf 3.4, dat ook die busboikot in Alexandra in Januarie 1984 is deur AYCO, COSAS

en ASC geïnisiëer. Dan verwys ek na bladsy 496, dit is BEWYSSTUK AB.7, die sesde dokument. Hier word gesê in die derde paragraaf daar, wat insiggewend is is dat SASPU wat volgens die verdediging se erkennings - AAS.12, skedule 1, p.1. net tot June 1984 geaffiliëer sou gewees het en nog op 27 Oktober 1984 deelgeneem het aan 'n vergadering waar besluit is op hierdie "stay-away". Dit word dan betoog dat hierdie is 'n aanduiding dat SASPU nieteenstaande die feit dat hulle sou disaffiliëer het Junie steeds aktief voortgegaan het met UDF-aktiwiteite. Dan verwys ek op bladsy 497 na BEWYSSTUK AB.45, dit is 'n COSAS-pamflet waar COSAS self sê dat die SRCs ingestel moet word "to make students to politically understand the problems we face at school, to link them with the general struggle outside the schools" en dan maak COSAS dit verder duidelik in die pamflet dat hulle hierdie parent/student committees inisiëer het. .En dan word betoog op bladsy 498 dat wat so graag voorgegee word onder andere deur die verdedigingsgetuies ook hierso dat hierdie boikotte by die skole die spontane reaksie was van gegriefde skoliere, is vals. Dit is beheer en besluit deur COSAS want COSAS is die mense wat sê in hierdie pamflet "Finally we want to say that as students of South Africa, we will continue to boycott as long as our demands are not met". Dan verwys ek na BEWYSSTUK V.15, dit is die jeugsaamtrek wat gehou sou gewees het en waar AYCO ook teenwoordig was en ek verwys na bladsye 455 tot 465 van die betoogshoofde by die aansoek om ontslag wat by hierdie vergadering bespreek is. Ek wil uit dit uit net enkele - dit is volume 2, edele bladsy 455. Bladsy 455 self, paragraaf 44.3 word betoog dat op hierdie vergadering is weer eens gebruik om die

ANC / ..

ANC en die ANC se geweld te propageer en te verheerlik onder die jeug. Daar is aanhoudend gesing van Tambo, daar is selfs gesing dat Tambo en Mandela is soldat en hulle skiet met bazukas en kannonne en hulle gaan Pretoria toe al word hulle geskiet. Hulle sing ook dat hulle sal veg om hulle vryheid te kry en hulle gaan handgranate gooi en met bazukas skiet en Tambo, Joe Slovo en Mohamed is hulle leiers

ASSESSOR: Ja, watter bewysstuk is dit?

MNR FICK: V.15, edele. En dan op bladsy 458, paragraaf 54.7 is daar 'n spreker van COSAS en AZASO en hy maak pertinent dit duidelik in paragraaf 44.7 dat die ANC was hulle organisasie. Hy sê daar: "We have no other movement but oh, that the ANC.." en dan gaan hy verder aan om die ANC te verdedig. Dit is op hierdie vergadering ook wat die persone van SAYO, Cedric Kekana, gepraat het waar hy openlik geweldpleging en rewolusie gepropageer het. My geleerde leier het dit behandel, ek sal dit nie weer 'n keer herhaal nie, hy het dit behandel toe hy oor "people's power" gepraat het. Ek wil dan net ten slotte oor hierdie vergadering sê dit is duidelik dat op hierdie vergadering, hierdie vergadering is gebruik om die jeug spesifiek te mobiliseer vir die vryheidstryd en dit is aan hulle voorgehou dit is 'n gewelddadige stryd en dat die stryd gaan om die gewelddadige omverwerping van die staatsgesag. Dan van bladsy 500 af behandel ek die dokumente wat by AYCO self gekry is, dit is die ABB en ABC-reeks. Net enkele aspek daar wat ek na wil verwys. Eerstens is dit duidelik uit BEWYSSTUK ABB.1, dit is bladsy 500, paragraaf 3.16.4 op bladsy 6 tot 7 word 'n onderhoud met AYCO se bestuur gevoer en dan maak hulle dit duidelik dat hulle is in hierdie "national democratic

struggle / ..

struggle for political power" en dan op bladsy 501 bo-aan, omdat hierdie man so 'n groot rol gespeel het by ander UDF-vergaderings hier sê AYCO dat "Jingles" is hulle "poet". 'n AYCOT-"poet". Hy is nie net sommer 'n digter wat van die straat af gegryp is nie.

HOF: Dit is tog nie sy naam, Makgothi, nie?

MNR FICK: Dit is so, dit is ongelukkig so geskryf. Dit is eintlik..

HOF: Is hy nie Magotsi nie?

MNR FICK: Magotsi, dit is so, maar dit is die spelling in die dokument, daarom het ek hom net so gelos maar dit is eintlik "Jingles" Magotsi. Hy is nie 'n man wat van die straat af gegryp is nie, hy is 'n AYCO "poet". In BEWYSSTUK ABB.3, paragraaf 3.17.1 maak AYCO dit duidelik dat hulle Speak gebruik as hulle mondstuk. Hulle sê dan op bladsy 502 bo-aan, BEWYSSTUK ABB.3, werk hulle ook saam met CRIC, dit is die organisasie van beskuldigde 21 en hulle het spesifiek saamgewerk ten opsigte van die kampanje teen konskripsie. Dit is ook duidelik dat hulle saam met 'n hele aantal ander organisasies soos SOYCO van Soweto, SAYO van Saulsville/ Atteridgeville en Lenasia se organisasies, asook organisasies wat te Katlehong gewerk het vir 'n vergadering op 10 Desember waar 'n nasionale jeugorganisasie bespreek was. Dit is interessant dan om te sien dat Paul Mashatile en Obed Bapela altwee van Alexandra tesame met ene Tabiso was toe die sameroepers van die koördinerende komitee wat verder moes werk om die nasionale jeugorganisasie tot stand te bring.

HOF: Nou hoekom het u Mashatile in hakies?

MNR FICK: Hulle verwys net na die name Paul en Obed.

HOF: Nou hoe lei u af dat dit Paul Mashatile is?

Omdat / ..

MNR FICK: Omdat dit 'n AYCO-dokument is en hulle verwys na die mense en dit is AYCO se bestuurslede. En hulle was op die vergadering. Dan bladsy 503, paragraaf 3.17.10, dit is die AYCO konstitusie, daar wil ek net verwys na bladsy 7, dit is die tweede paragraaf, dat AYCO self sê dat hulle is van oordeel dat "meaningful change will only be brought about by the will and the power of the people" en dat hulle "reject any direct or indict dialogue with these organisations or bodies" en dan haal ek aan waarvoor hulle staan, dit is "organisations, government created institutions which promote apartheid". En dan bladsy 504, BEWYSSTUK ABB.9. daar word 'n uiteensetting gegee van die geskiedenis van die media and Research Services se geskiedenis en dan word dit duidelik daar gemaak dat MARS daar is vir gebruik deur hierdie organisasies en affiliale van UDF. Die hele klomp wat daar gegee word is affiliale van UDF. Dan uit BEWYSSTUK ABC.3, dit is paragraaf 3.18.1, maak AYCO dit duidelik dat hulle ook veg vir die vrylating van Mandela en politieke gevangenes; dat hulle die grondwetlike voorstelle verwerp, dat hulle ook teen die swart plaaslike besture veg en die voorgestelde huurverhogings. Dit blyk uit BEWYSSTUK ABC.4B, dit is op bladsy 505, dit is notas van 'n toespraak van Cedric Kekane by AYCO se jaarkongres in 1984. Dan blyk dit daaruit dat 'n komitee, die "education charter campaign", 'n koördinerende komitee gekies is en dan vind ons dat Jacob Mtshali van AYCO was op hierdie komitee. Dan net BEWYSSTUK AC.7A, dit is die program van SAYCO se eerste jaarkongres word daar verwys na toesprake wat gemaak is en op bladsy 506 verwys ek na die toespraak van Benedicta Monama wat daar aangehaal is waar sy spesifiek sê in die eerste paragraaf: "We

cannot contain the anger and frustration of the larger section of our community, the youths. They are the only people who can direct this anger and frustration towards the total liberation of all our people". Dan in die algemeen betoog ek dat uit die totaliteit van die getuienis dit duidelik is dat die verdediging eerstens geen van die stellings wat hulle gemaak het kon bewys of bewys het nie; dat dit duidelik is dat AYCO, COSAS en die ANC geheul het en inderdaad nou saamgewerk het en selfs opdragte van die ANC ontvang het, dat die jeug opgesweep is rondom knelpunte van die UDF naamlik swart plaaslike besture, onderwys, konskripsie en grondwetlike voorstelle en dat die geweldpleging in Alexandra uitgebreek het word betoog is die direkte gevolg van die opsweping van die UDF en sy geaffilieërdes in Alexandra; dit word betoog dat hierdie organisasies, affiliale van die UDF, beplan het onder die leiding van die ANC om die woongebied onregeerbaar te maak en alternatiewe strukture onder AYCO en ASC se beheer te Alexandra in te stel as deel van die vryheidstryd. En dit is ook bewys, word betoog dat die opdragte om die raadslede en die polisie aan te val van die ANC afkomstig is.

Edele dan gaan ek oor na Mankweng, bladsy 508. Page 508.

HOF: U sal een of ander plan moet maak, mnr Fick en mnr Bizos om die nommering korrek te kry want as mnr Bizos ons later verwys na ŉ stelling wat u gemaak het wil ons darem graag die regte bladsye hê anders sal ons dit eenvoudig nie kan vind nie.

MR. BIZOS: We will make a plan during the adjournment to get it confirmed but in the meantime we can ..

ASSESSOR: Are you still one page behind, or one page in

front / ..

front?

MR BIZOS: Something has happened, I have been doing that - I have been doing that but now I am missing two pages or sometimes three pages somewhere. I do not know why, but anyway it is the smallest of our problems I think.

MNR FICK: Ten aansien van Mankweng, wil ek net eers duidelik maak dat in die betoogshoofde staan daar U.N - dit is elke keer 'n verwysing na die Universiteit van die Noorde.

HOF: U.N. - O, ons het gedink dit is United Nations.

MNR FICK: (Lag) Ek sal nie kommentaar lewer nie. (Na aanleiding van navraag van verdediging: University of the North) Dan op bladsy 508 eerstens wil ek betoog dat dit bewys is dat die studenteraad van die Universiteit van die Noorde wat voorheen bestaan het uit lede van 'n paar organisasies is in inderwaarheid in 1985 oorgeneem deur AZASO. Dit is nie weerspreek nie, dit is die getuienis van die staat. Dan getuig Vorster dat van Oktober 1984 tot Augustus 1985 het hy getuig oor die sogenaamde "liberated zones". Het hy gesê dat elke keer as hy op sekere herdenkingsdae na hierdie universiteit toe gaan is die paaie toegepak, hy kan nie inkom nie en dan word vir hom geskree: "you will burn, you will die" en ander woorde. Paragraaf 1.4, daardie RC moet wees raadslede.

HOF: Ekskuus?

MNR FICK: Die R/C in paragraaf 1.7 moet lees "raadslede".

HOF: Ja, dit kom verskeie kere voor. Is dit altyd raadslede?

MNR FICK: Dit is altyd raadslede, ek is jammer. Dan bladsy 509 verwys ek daarna dat daar is 'n betoging gehou en hierdie betoging was gehou teen die polisie en die

weermag / ..

weermag se optredes in Mankweng en ook landswyde en hierdie betoging is gehou deur die UDF se koördinerende komitee, deur MACA, AZASO en daar is plakkate gedra wat "release Mandela.."

HOF: Ja, 3.2.(iii), is daardie stelling, hy is 'n lid van die ANC gewees, het dit nie verval omdat daar 'n appèl geslaag het nie? Ek herinner my so-iets, dat daardie hele argument het weggeval.

MNR FICK: Ek sal dit net - ek dink daar is meer as een persoon betrokke. Ek sal net seker maak of dit in hierdie man se geval die posisie is. Ek wil verder aantoon dat die betoging maak dit duidelik waarvoor hierdie organisasies in Noord-Transvaal hulle beywer het naamlik hulle is teen die grondwetlike voorstelle, die "Ban Apartheid" verwys daarna, hulle is teen die weermag se optrede, hulle eis die vrylating van politieke gevangenes en hulle ondersteun ook die kampanje teen ondrukking, daardie "stop tearing us apart". Dan getuig Vorster op bladsy 511 dat hy in Junie 1985 beslag gelê het op BEWYSSTUK C.134, dit is 'n pamflet wat van huis tot huis versprei is en dit is uitgegee deur al hierdie organisasies in Noord-Transvaal. Dit is 'n aanduiding van die samewerking wat daar was tussen hierdie organisasies. Dit is gedoen om die polisie te boikot. Ek sal weer na hierdie dokument op 'n later stadium terugkom wanneer ek kom by die begrafnis van hierdie ander persoon wat daar dood is. Dan is daar ook getuienis dat daar by 'n lid van AZASO en die publiseitsekretaris van die studenteraad van die U.N., in sy kamer hulle ANC-dokumente gevind, dit is op bladsy 511. Die "Mayibuye" is daar gevind en die ANC se verklaring van 8 Januarie 1984. Dan getuig die

getuie / ..

getuie oor die probleme wat op 16 Junie 1985 plaasgevind het, hoe die mense oorgegaan het tot geweld, hoe die dinge beplan was dat die vergaderings op dieselfde tyd eindig; hulle het saam eers na die polisiestasie gegaan en die polisie gaan aanval. Toe hulle daar uitmekaar gejaag is het hulle basies 'n klomp geboue gaan vernietig by die U.N., padversperrings aangebring en petrolbomme gegooi. Etlike duisende rande se skade is aangerig en in die proses is ene Shadrack Mofokwane doodgeskiet deur die Lebowa polisie. Dan paragraaf 6.4, daar getuig hy dat die studente boikot toe die klasse toe die heropening van die skole moes plaasvind op 9 Julie 1985. Hulle stel 'n eis dat alle gearresteerde studente vrygelaat moes word. Nou dit word betoog dat hierdie is weer 'n voorbeeld van die onredelikheid van hierdie mense se eise. Hier is 'n universeit se geboue gebrand, die mense het absoluut oorgegaan tot geweldpleging. Groot skade is aangerig, hulle is gearresteer. Nou word daar geëis hierdie mense moet vrygelaat word en omdat hulle nie vrygelaat word nie, gaan hulle oor na skoleboikotte. Dan verwys ek na die getuienis op bladsy 515 na die getuienis van die heer Mahlalela, die enigste verdedigingsgetuie en wil aan die hand doen dat die hof sy getuienis verwerp. Sy hele getuienis oor hoe dit gekom het dat hy by die universiteit van die noorde uitgekom het tussen die studente is vals. Hy kan nie vir die hof met alle respek verduidelik waarom toe hy nou polisievoertuie sien, hy en sy twee maats - of sy maats stap rustig in die straat, daar was nie eens getuienis dat die polisie hulle gesien het nie. Daar kom polisievoertuie aangery. Aan die een kant kom 'n klomp studente aan wat lawaai maak, hulle is op pad na die polisie toe; hy is

nie / ..

nie deel van die groep nie. Nou gaan hy sowaar, in plaas van òf stil te staan òf om by die polisie verby te loop - hy het niks met die hele ding uit te waai nie, hardloop hy na hierdie klomp toe wat na die polisie op pad is en wat lawaai maak. Hy sê in sy getuienis hy gaan nie verby nie, hy gaan sluit by hulle aan en toe die polisie hulle uitmekaar uit jaag toe hardloop hy saam met hulle in die universiteit se gronde. Dit word betoog dat hierdie leuenagtige getuienis gegee word omdat hy wil wegsteek dat hy deel was van die groep wat beplan was dat hulle saam met die studente bymekaar moet kom en oorgaan tot geweldpleging, dit is hoekom hy daar was. Dit word ook betoog dat sy getuienis verder oor wat by die kampus gebeur het is ewe ongeloofwaardig. Hulle sit daar vir etlike ure in die kamer van hierdie vreemde man. Hulle hoor hier is 'n skietery aan die gang en 'n skreeuery en hulle kyk nie eers by 'n venster uit nie om te sien wat is daar aan die gang nie. Toe alles stil is gaan hulle uit en dan kom sy probleme. Hy vertel vir die hof twee stories. Eers vertel hy die kamer waar hulle nou gesit het was op die derde vloer en dan is dit weer die vierde vloer en ek wil aan die hand doen dat sy hele weergawe, valse weergawe is gegee om weg te steek dat hy direk betrokke was saam met hierdie Shadrack wat dood is , by hierdie onluste wat daar gepleeg is. Dan verder wil ek verwys na bladsy 518. Dit is die gebeure op 14 Julie 1985 waar MAYCO 'n vergadering gehou in die Lutherse kerk in Mankweng. Die Lebowa polisie het daar vir Peter Mokaba, dit is eeen van die bestuurslede van MAYCO, gesê kyk, daar is 'n verbod op hierdie vergadering, julle moet uiteengaan. Toe gooi hulle klippe na die polisie. Dit blyk verder op bladsy 520 dat op

25 Julie 1985 het die polisie by Louis Aaron Nguni, die bestuurslid van UDF Noord-Transvaal in sy kamer wat hulle deursoek het kry hulle ANC-dokument, paragraaf 10.1. Hulle vind daar die ABA.11, ANC Struggle Update, 1/85 en ABA.14 ANC speaks, tesame met 'n aantal ander UDF dokumente. Dan vind ons op bladsy 523, op 3 September 1985 het luitenant Van Dyk in die AZASO-kantore by die universiteit van die noorde 'n ANC dokument, ABA.62, "ANC under ground" wat uitgereik is. Dan vind ons uit die dokumentêre getuienis dat BEWYSSTUK C.69 op bladsy 523, dit is 'n MAYCO dokument, propageer MAYCO openlik dat hulle deel is van 'n rewolusie en hulle sê hulle veg die rewolusie onder die koördinasie van UDF. En hierdie stryd gaan om 'n "people's government". Uit BEWYSSTUK C.132, die eerste dokument is paragraaf 14.3 wat ek aanhaal, is dit duidelik dat die mobilisasie van die massas is verkry deur te betrokke te raak by gemeenskaps-organisasies, deur fondse vir die Noord-Transvaalse Raad van Kerk en liefdadigheidsorganisasies te kanaliseer vir eie gebruik. Nou dit weerspreek Buthelezi se getuienis. U sal onthou dat biskop Buthelezi is gevra oor die bewys-stuk wat by hom gekry is waar daar gesê is dat hulle geld is op want hulle gee geld en toe daar pertinent gevra is gee julle nie hierdie geld vir organisasies soos "civics" nie toe sê hy nee, hulle gee dit net vir hulle eie organisasies, die kerk se eie strukture. Nou hier kom hierdie dokument, die Noord-Transvaalse program van aksie, kom weerspreek hom uitdruklik. Nou hierdie UDF komitee kry geld van die Noord-Transvaalse Raad van Kerke. Ek verwys verder na bladsy 525, dit is BEWYSSTUK C.132, die tweede dokument, dit is die sogenaamde memorandum en daar word beklemtoon, dit is 'n

rapport / ..

rapport wat by Frans Mohlala, die president van MAYCO gekry is dat eerstens, paragraaf (a), dat die Mankweng "town council was put out of action". Dan sê hy verder in subparagraaf (c) dat 'n eie Noord-Transvaalse streek van UDF moet gestig word want dit gaan moontlik maak "to co-ordinate our activities and efforts with those of the southern region thus enabling the struggle to set a new pace and revolutionary fervour, allowing permanent communication and contact, thus overstretching the enemy's resources beyond its limits". En dan word betoog op bladsy 526 dat hierdie dokument maak dit duidelik dat hulle is in 'n "people's war". Dan BEWYSSTUK C.134 en 135 waarna ek vroeër verwys het, hierdie dokumente van al hierdie organisasies in Noord-Transvaal wat saamwerk, onder andere die predikante, doen nou 'n beroep op die massas om die polisie te verwerp en hierdie is 'n duidelike voorbeeld van hoe voorvalle verdraai word. Dit gaan oor die dood van Mofokwane. Daar word in hierdie dokument vertel dat hy is vermoor deur die polisie terwyl die getuienis is dat hierdie man was deel van 'n groep waar onluste gepleeg is, waar 'n klomp geboue afgebrand is en die polisie aangeval is, dan word die feite verdraai en daar word gesê hy is vermoor deur die polisie en dan word hierdie feit gebruik om die massas teen die polisie op te sweep. In BEWYSSTUK W.32, bladsy 526, paragraaf 14.8 onder-aan en 527 bo-aan word dit duidelik gemaak dat COSAS en MAYCO deelgeneem ht aan die stryd teen die swart plaaslike besture in Mankweng. Dit vra ek die hof om te lees saam met die vorige dokument waar MAYCO hom daarop beroem dat hulle daarin geslaag het om die "town council out of action" te plaas. Ook in BEWYSSTUK W.68, paragraaf 14.10 kom <u>The Eye</u> en hy bevestig dat in

Mankweng / ..

Mankweng all the councillors resigned their seats after pressure from the residents and local organisations". Dan paragraaf 14.11, dit is 'n konsepprogram vir 'n Noord-Transvaalse jeugwerkswinkel wat by Frans Mohlale, president van MAYCO gevind is en dié dokument toon aan met respek dat vryheidsliedere nie net gesing word soos die verdediging beweer nie maar daar word daadwerklik besin oor vryheidsliedere se aanwending en dat vryheidsliedere spesiaal gekomponeer word. En dan BEWYSSTUK ABA.40 is 'n brief van COSAS wat by MAYCO se president gekry is word MAYCO uitgenooi deur COSAS om saam te beplan vir die "people's education to win the struggle for power". Dan verwys ek ook na bladsy 529, BEWYSSTUK ABA.45, dit is handgeskrewe notas wat by Louis Nguni, die sameroeper van UDF se koördinerende komitee gekry is en wat ex faci( die dokument self blyk 'n toespraak te wees wat by die stigting van MAYCO gelewer is op 16 Oktober 1983, die dokument sigself. Dan uit die stuk, word betoog, word op bladsy 1 dit duidelik gemaak deur hierdie Louis Nguni dat MAYCO en MAACA en UDF deel is van die "revolutionary struggle". Hy sê dat die jeug moet saamstaan, verenig word. Hy sê "If we can succeed to forge unity amongst ourselves, those at school, university, the employed and unemployed, then we will be in a position to move on to educate and prepare the masses for the revolution". En dan verklaar hy dat die jeug as the "Dynamo of our Rev (olution)", ek het dit in hakies gesit want hy het "revolution" afgekort, betrokke moet raak in 'n kondisioneringsprogram wat 'n "liberating education" insluit, welke "education" omskryf word as "this education will free the oppressed from fear of freedom. This education will prepare the people for Rev.(olutionary) awareness".

Dan / ..

Dan BEWYSSTUK ABA.11 en 14, dit is die ANC dokumente wat by Louis Inguni gekry is dan is dit duidelik, paragraaf 14.18 dat die ANC doen 'n beroep op die mense vir "all round political mobilisation" wat "educational and agitational work throughout the country" insluit en ek wil betoog dit is presies wat hierdie organisasies gedoen het. Hulle het gegaan vir "all round political organisation" van die massas en die opleiding van die massas.

DIE HOF VERDAAG VIR TEE / DIE HOF HERVAT

MNR FICK: Dankie, edele. Ek gaan na bladsy 531 toe, paragraaf 14.20, die eerste woord moet weggelaat word, "In" anders maak die ding nie sin nie, BEWYSSTUK ABA.63 betoog die staat bevestig die staat se getuienis dat die studenteraad van die universiteit van die noorde deur 'n politieke organisasie AZASO oorgeneem is. Dit is duidelik uit hierdie dokument dat hulle hul meer met politiek besig gehou het en dat hulle selfs 'n "Mandela studente defence fund" ingestel het. In BEWYSSTUK ABA.63, dit is 'n AZASO Regional Newsletter van AZASO self, blyk dit eerstens dat AZASO dit duidelik maak dat hulle hul beywer vir die daarstelling van die sogenaamde "people's power". Dan van paragraaf 15 af is die konklusies van die staat en dit word betoog dat die staat bewys het dat die UDF se bestuur in Mankweng, dit is die koördinerende komitee, ooglopend kontak het met die ANC. Louis Nguni, die sameroeper van die komitee en voorsitter van MACA, by hom kry die polisie ANC dokumente. Daar is geen verduideliking van die verdediging se kant oor hoe dit in sy besit gekom het nie of wat die doel daarvan was of wat hy daarmee wou maak nie. Dit is doodstil gelos. Dan betoog die staat verder dat die bewyse dat hierdie organisasies

aktief / ..

aktief saamgewerk het en betoging gehou het teen die tuisland beleid, die regering, lewenskoste, onderdrukking en die vrylating van politieke gevangenes. Dit word verder betoog dat die organisasies het die massas teen die veiligheidsmagte opgesweep en die feite rondom die dood van Shadrack Mafokwane te verdraai en die polisie voor te hou as die moordenaars van hierdie man. Dit word betoog dat die organisasies op 16 Junie 1985 byeengekom het op 'n georganiseerde wyse, die polisiestasie, die polisie en die publiek aangeval het en die kafeteria van die universiteit afgebrand het. Na 'n poging om 'n MACA-vergadering op 14 Julie 1985 te hou is die polisie weer eens aangeval deur die mense. Ook word betoog dat die staat bewys het dat UDF se kampanje teen die swart plaaslike besture te Mankweng gevoer is en dat die raadslede bedank het nadat plaaslike organisasies druk op hulle uitgeoefen het. Ook dat MAYCO maak dit duidelik, MAYCO, MACA en UDF deur hul spreekbuis Louis Nguni, maak dit duidelik dat hulle in 'n revolusie betrokke is en dit blyk dat Nguni basies die ANC se werkswyse soos uiteengesit in die dokumente wat by hom gekry is, naamlik die mobilisasies van die massas uitvoer.

Die volgende stuk handel oor TUMAHOLE. Ek wil net die hof se leiding vra in dié opsig. Hier is dele wat ek voorberei het en dele wat mnr Jacobs voorberei het. Hierdie is 'n stuk wat mnr Jacobs voorberei het en nou vra mnr Jacobs moet ek by die hof verneem, moet hy oorneem en hierdie ding doen of moet ek albei goed eers klaarmaak. Ek kan sien as ek albei goed klaarmaak gaan dit dalk deurmekaar gaan, maar ek is bereid om dit te doen.

HOF: Ja, ons sal mnr Jacobs aanhoor oor Tumaholed.

MNR JACOBS / ..

MNR JACOBS: In die betoog oor Tumahole wys ons eerstens in paragraaf 1 wie is die organisasies wat in Tumahole georganiseer het, Tumahole Student Association of organisation. Tumahole Civic Association, Pro-Humanism en UDF. Ons wys hierso in die volgende paragraaf dat hoewel hierdie een organisasie genoem was die *ad hoc* komitee was dit onder die inwoners daar bekend as die "civic". Nou op bladsy 534 wys ons daarop dat daar druk uitgeoefen is in paragraaf 2 op massavergaderings en ook op ander maniere was daar druk uitgeoefen op die raadslede om te bedank en het die getuie IC.17 vir die hof gesê dat nadat sy winkel gebrand het, het hy meer en meer bewus word dat aangedring word dat raadslede bedank. Dan wys in die verdere deel van hierdie paragraaf 2, 3 en 4 dat die identiese knelpunte, tipiese knelpunte van UDF was ook hier gebruik in Tumahole. Dit gaan oor tot bladsy 535 waar die tipiese knelpunte uitgewys word, die huurkwessie word daar genoem, raadslede wat moes bedank omdat hulle beloftes gemaak het, die behuisingskwessie is opgeneem, elektrisiteit is opgeneem, die verwydering van nagvullis is opgeneem as 'n knelpunt; watervoorsiening is opgeneem as 'n knelpunt, die strate is opgeneem as 'n knelpunt Bladsy 4 (536) wys ons daarop dat raadslede is ook onpopulêr gemaak, onaanvaarbaar vir die massas en geskets dat hulle "puppets" van die regering is. Nou hierdie opswepery van die mense in hierdie gebied het uitgeloop op geweldpleging wat ons wys daar in paragraaf 5 op 536 dat die opswepery in Tumahole het tot gevolg gehad dat hulle so opgesweep geraak het dat daar geweldpleging plaasgevind het teen die owerhede. Die eerste geval was die geval van 15 Julie 1984 waar die besigheid van raadslid IC.17 aangeval en vernietig is, en

in / ..

in die woonbuurt is die suggestie versprei gewees dat as hulle nie bedank nie sal hul eiendomme aan die brand gesteek word en sal raadslede doodgemaak word. Dan op bladsy 537 in paragraaf 3 wys ons daarop dat die huis van getuie IC.18 was op 24 Maart 1985, 7 Mei 1985, 14 Julie 1985 en 21 Julie 1985 aangeval. Waar ons nou hier in paragraaf 3 gaan handel wil ek vir die hof graag vra om op hierdie stadium in gedagte te hou dat vele van hierdie aanvalle was in die nag gewees en wat baie belangrik is, op daardie stadium was daar nie polisiebeamptes by nie, om die suggestie wat daar altyd gestel was dat die staat en die polisie was die oorsaak van geweld, was nie hier ter sprake nie. Nou hier het ons die getuie wat sê in die nag terwyl hulle geslaap het, toe vyf persone in die nag geslaap het was daar gepoog om die huis aan die brand te steek. Die volgende dag is hierdie getuie se huis weer aangeval met klippe en wat belangrik is, is dat drie persone het sy geïdentifiseer by daardie mense - dit is Ace Magashule, Vuyo Dabi en Skosana en Skosana se naam is veral belangrik want hy sal weer later ter sprake kom met die gebeure toe hierdie getuie na biskop Tutu gegaan het. Nou die skare is verdryf deur die polisie en die nag, daardie selfde nag was die huis weer aangeval. Nou die druk en die aanvalle op die mense het daartoe gelei dat die raadslede bedank het en dit is ons betoog hulle het bedank as gevolg van hierdie druk. Nou in paragraaf 4 op bladsy 357 behandel ons die geval van IC.18, dit is die vrou wat hier getuig het wat 'n raadslid was, dat sy het bedank onder die druk van die organisasies wat georganiseer het in die Vaal. Daarna het sy, nadat sy bedank het en haar huis weer aangeval was het sy gegaan na Ace Magasule, Mosepedi

en / ..

en Thabane en met hulle gaan onderhandel en probeer uitvind waarom word haar huis dan nou aangeval en dit is opmerklik dat hulle blykbaar die mag het en dit is insiggewend dat hulle die mag het om die kinders of die verantwoordelike persone aan te sê om nie die aanvalle te doen nie en dan gaan hulle verder en hulle vergoed op daardie stadium omdat sy bedank het, vergoed hulle haar vir die skade wat sy opgedoen het in hierdie aanval deur die organisasies en hul lede. Nou ons wys uit in paragraaf 2 op bladsy 538 dat raadslid IC.17 het onder druk bedank onder omstandighede waar vername leiers van die UDF, naamlik biskop Tutu, beskuldigde 19 en beskuldigde 20 belangrike bydraes gelewer het om hom te kry sover dat hy bedank. Ons sê hy is eintlik geforseer om te bedank by hierdie geleentheid. Nou afgesien daarvan dat hy geforseer is om te bedank was daar ook in hierdie tyd aanvalle gewees op die polisie. Op bladsy 539, daar kom getuienis van die verdediging lateraan maar dit is belangrik om daar kennis te neem dat die polisie se getuienis in hierdie opsig was gewees toe hulle daardie mense voorgekeer het wat in die optog beweeg het was hulle aangeval met klippe en toe het daardie botsing met hierdie mense gekom en is traanrook gebruik. Ook het hulle gebruik gemaak in Tomahole van die metode om die paaie te versper sodat die polisie nie vrylik kan beweeg nie. Dan op bladsy 540 begin die hele insident waar biskop Tutu betrokke is en ons betoog begin daaroor en dan wys ons uit hoedat UDF en UDF se mense, dit is biskop Tutu en beskuldigdes 19 en 20 hoedat hulle ook beheer het oor gebeure in die Vaal en gebeure in Tumahole deurdat hulle kan ook die aanvalle daar, reëlings tref dat dit nie voortgesit word nie. Nou eerstens wys ons

daarop / ..

daarop dat biskop Tutu het gereël dat getuie IC.17 vir nrs.19 en 20, dit is die mense van UDF, kon ontmoet. Nou toe hierdie persoon na biskop Tutu gegaan het is dit eienaardig en opvallend dat hy het hulle nie weggewys en gesê kyk man, UDF het niks met daardie dinge te doen gehad nie maar wat hy doen is hy reël daardie ontmoeting en die ontmoeting vind dan ook plaas. Toe die getuie IC.17 sy saak gestel het, wat het hy gesondig, hoekom is die aanvalle op hom geloods, kry ons op p 541, paragraaf 5 dat dit aan hom gesê word die rede waarom hy aangeval word is hy dien in die sisteem as raadslid en dit maak die swart mense kwaad en daarom is sy plek afgebrand en nie voordat hy bedank het sal hulle ophou met hierdie aanvalle op hom. Op bladsy 542 vat ek dit saam, 'n paar feite wat op die voorgrond tree. Daar haal ek aan beskuldigde 20 tree in die bresse vir Tumahole organisasies en hul volgelinge. UDF is goed ingelig aangaande die gebeure in Tomahole en dieselfde propaganda soos op ander plekke waar UDF ook betrokke is word gebruik, naamlik dat die polisie die oorsaak van die geweld is. Dit is wat alles gebeur het in daardie inderhoud. Nou ons argument met respek is dat hierdie propaganda val plat en word niksseggend behalwe as 'n rat voor die oë van ander as gelet word dat die geprovokeerde oproeriges nooit hul woede uitwerk op die polisie nie maar op die raadslede; hulle eiendom en die raad self se eiendomme. Nou ons vat dit dan ook hierso saam op bladsy 543 onder, die hele deel wat onderstreep is. Daar word die redes vir die aanvalle gegee. Dit word gegee dat die mense is kwaad. Die redes vir die aanvalle is hulle is kwaad omdat die raadslede in die sisteem dien en dit is opmerklik

niks / ..

niks word gesê dat die mense is kwaad omdat die polisie hulle aangeval het nie, maar die mense is kwaad omdat die raadslede in die sisteem dien. Dan word vir hom gesê dat die woede van die aanvallers kan alleen afgeweer word as die raadslede sou bedank. Dit is dus raadslede self en nie die polisie nie, wat moet gehoor gee aan hul eise om die woede en geweld af te weer. Nou dan het biskop Tutu op daardie geleentheid ook gesê, in paragraaf 8, p 544, dat hy is nie van voornemens om ènige opdragte te gee aan die mense in Tumahole nie alvorens hierdie besondere getuie nie bedank het nie. Nou beskuldigde 20 het ook by hierdie geleentheid bevestig dat hulle nou samewerking het met die leiers en die organisasies in Tomahole, dat hulle mekaar gereeld skakel; dat hulle dieselfde oggend met Mosepedi - en dit is waarom ek gesê het dat die naam belangrik word - wat 'n lid van UDF is en gepraat het en dit is ook daarna verwys dat Mosepedi by SAFFAS werk. Die verdere verloop dan is dat die getuie IC.17 nadat hy toe gaan bedank het soos hy gesê het, het hy vir biskop Tutu geskakel en wat gebeur het is dat biskop Tutu het gesorg dat daar koerantmanne by hom uitgekom het aan wie hierdie persoon toe sy bedanking wêreldkundig moes maak as 'n propagandaset sê ons vir UDF. Nou op p 546 wys ek net daarso twee belangrike stellings uit wat die verdediging gemaak het. Die eerste is 'n stelling, heelbo-aan die eerste paragraaf, is 'n stelling dat UDF en beskuldigde 20 in besonder onderhandel het met die mense in die gebied van Tumahole en dit is spesifiek met TSO, Tumahole Students' Organisation. Die tweede stelling wat gemaak word is in die tweede paragraaf dat beskuldigde 20 gesê het dat volgens sy inligting die mense daar 'n vreedsame optog gehou het;

dat / ..

dat die polisie volgens sy inligting traanrook gebruik het sonder enige regverdiging. So dat daar skakeling dan tussen UDF en die mense in Tumahole is en die leiers van UDF in die besonder beskuldigde 20 kan dus nie betwis word deur die verdediging nie, want dit is 'n stelling wat hy self maak. Nou dan behandel ons die hele gesprek, die verweer wat daar voorgehou is omtrent die gebeure by Tutu op 547 en daar wys ons op die volgende bladsye tot p 550, wys ons verskille uit in die verweer wat gestel is tussen die verskillende getuies
K1459 en wat daar uitgekom het terwyl die getuies getuig het.

HOF: Ja, maar wag net so 'n bietjie. U kan nie daardie stelling maak met enige oortuig nie want dit was u getuie gewees, mev Smith, gevolglik kon mnr Bizos nie met haar gekonsulteer het nie en kon mnr Bizos nie haar weergawe aan die staatsgetuies gestel het nie.

MNR JACOBS: Nee, edele..

HOF: Is dit nie so nie?

MNR JACOBS: Sy was aanvanklik ons getuie, ekskuus, edele.

HOF: Ja, sy was u getuie gewees en toe mnr Bizos gekruisvra het was sy julle getuie.

MNR JACOBS: Dit is reg.

HOF: En klaarblyklik het hy nie geweet wat sy kom sê nie.

MNR JACOBS: Maar wat ek probeer sê is dat die getuie het die feite gekry van wat daar gebeur het ten minste by die beskuldigdes.

HOF: Moontlik.

MNR JACOBS: 19 en 20 wat daar gewees het en sekere dinge wat sy dan in haar getuienis agterna gesê het is nie gestel, aan IC.17 gestel dat hy verkeerd was daar in daardie opsigte nie.

HOF: Nee, maar ek begryp u argument nie. Ek kan wel begryp as u vir my sê sy weerspreek beskuldigdes 19 en 20. Ek kan ook u argument begryp as u sê ja, wat gestel is aan die staatsgetuies het nie geklop met wat beskuldigdes 19 en 20 sê nie maar ek kan nie u argument begryp as u sê dat mev Smith se getuienis klop nie met wat gestel is nie. Dit het niks met mekaar te make nie.

MNR JACOBS: Ek stem saam met die hof in daardie opsig want daar is 'n paar dinge wat ek nou sal uitwys vir die hof. Die eerste punt daar wys dat IC.17 se besigheid was aangeval omdat hy 'n lid van die gemeenskapsraad in Tumahole is. Dit is haar getuienis wat bots met die getuienis van die twee beskuldigdes; dat dit nie gebeur het omdat die polisie traanrook gegooi het nie. Nou haar getuienis dan bots ten minste met die getuienis van die staat met haar eie vader dat sy die praatwerk gedoen het, die meeste van die praatwerk daar. Dit is ook in botsing met die getuienis van beskuldigdes 19 en 20.

HOF: Waar sê u dit?

MNR JACOBS: Ek sal net dit kry hier. Dit is op bladsy 548 bo-aan, paragraaf 3.

HOF: Dus in plaas van wat u daar stel, dit was nooit aan IC.17 gestel nie moet ons daar lees, dit was nie die getuienis van beskuldigdes 19 en 20 nie?

MNR JACOBS: Dit is reg.

HOF: Is dit wat u bedoel?

MNR JACOBS: En die weergawe van 19 en 20 was ook nie gestel aan die getuie nie. Daar kom ook ander nuwe weergawes uit haar getuienis op die voorgrond. In paragraaf 5 op p 548 wys ons daarna. Beskuldigde 20 het gesê dat die polisie

ingemeng /..

ingemeng het en ŉ optog gestop het, het geweldpleging uitgebreek. Wat nie daarso behandel is in die vergadering selfs nie. Eintlik was gesê gewees dat omdat hulle kwaad is vir die raadslede, daarom het geweldpleging uitgebreek. Een punt wat ek graag hier wil maak wat die verdediging gemaak het in hierdie hele stuk is dat die getuie sou voor die tyd, lank voor die tyd al besluit gehad het om te bedank en dat sy bedanking te wyte is blykbaar sonder enige rede waaroor hy voorheen sou besluit het is nooit uitgebring nie. Dit was ŉ stelling gemaak dat op die feite wat sy sou gegee het hierdie bedanking van hom waarop hy voorheen sou besluit het wil ons met respek sê kan nie so lank voor die tyd al besluit gewees het nie want sy besigheid was aangeval gewees en ŉ dag daarna is hy Bloemfontein toe en die dag daarna is hy Johannesburg toe, so hy kon nie so lank voor die tyd al besluit het hy gaan bedank en hy gaan bekommerd wees oor kompensasie nie. Dit volgens ons respek is ŉ inherente - nie korrekte stelling van die waarheid daar nie. Van bladsy 553 af wys ons daar op verskeie verwere..

<u>HOF</u>: Wag net so ŉ oomblik, op bladsy 551 is daar ŉ paar kort punte gemaak onder punt 1. Wat beteken dit?

<u>MNR JACOBS</u>: Dit was eintlik ŉ kort opsomminkie wat hier ingekom het toe ons dit gemaak het watter organisasies..

<u>HOF</u>: Moet ons dit uithaal?

<u>MNR JACOBS</u>: Ek dink dit kan gerus uitkom.

<u>HOF</u>: En op 552 dieselfde?

<u>MNR JACOBS</u>: Ja, dit was ŉ skets gewees om te sien net waar gaan ons die - hoe gaan ons hierdie..wat saam met die tikwerk ingegaan het.

<u>HOF</u>: Dankie.

<u>MNR JACOBS</u> / ..

MNR JACOBS: Op 553 word daar verwys - van 553 af word daar verwys na sekere verwere wat nie realiseer het nie. Die eerste een onder paragraaf 1 is dat daar 'n optog was op 10 September 1984 wat nie gerealiseer het nie. U sal onthou dit is die dag toe daar beweer is dat daar na die administrasiekantore gegaan sou word en dat daar sou 'n aankondiging wees in verband met huur. Dit was gestel gewees en dit het nie gerealiseer nie dat IC.17 'n UDF T-hempie aangehad het op die dag van die optog; dat hy heel voor aan die optog ook sou geloop het. IC.17 sou op die skouers gedra gewees het na die aankondiging - dit is in paragraaf 3. Dit het nie gerealiseer nie. Die vierde een is dan op p 554 dat dokumente waarna verwys is, BEWYSSTUK AAQ.38, 39, 40 en 41 is nooit deur enige getuie geïdentifiseer nie. Die twee staatsgetuies wat daaroor gekruisvra was het dit nie een geïdentifiseer nie en hier is niemand van die verdediging gebring om daardie bewysstukke te identifiseer en by die hof in te handig nie. Op bladsy 555, dat daar 'n koukus-vergadering gehou is, dit is onder paragraaf 5, om die wegbly-aksie te organiseer. Nou hierdie getuienis het die getuie vir die staat óf ontken óf hy kon dit nie onthou nie en daar is geen getuienis oor hierdie koukusvergadering wat die wegbly-aksie van 10 September sou georganiseer het en dat daar enige getuies van die verdediging gekom het om dit te bevestig nie. Dan op 557, dit is aan die getuie gestel omtrent formaliteite vir huurverhogings wat nie nagekom was nie en dat daarso aan die getuie, IC.17, aan hulle iets sou gesê het en dat daar nie aan die vereistes voldoen is nie en dat sy naam nie bekend moet gemaak word nie; dit is ontken deur hom gewees. Daardie feite wat gestel was het nie

gerealiseer/..

gerealiseer nie en geen getuienis is deur die verdediging daaroor voor die hof gelê nie. Nou ons sluit dan af met gedeelte oor daardie deel op 558 en sê dat geen van die leiers van die organisasies was geroep om hul weergawe aan die hof te kom voorlê vir beoordeling nie. Nou dan gaan ons oor na die volgende aspek toe en dit is op p 559, dit is nou weer waar die blaam op die polisie geplaas word. Nou daar is 'n reeks getuies wat die verdediging geroep het wat ons hier kortliks opsom en ek dink ek kan hulle saamvat in een punt en dit is te sê dat al daardie getuienis dat die polisie gekom het en voor gestop het, dat daar 'n voertuig oor die pad getrek is en hulle voorgekeer is in die optog, is daar nie een van hulle wat kan sê hoekom die polisie geskiet het nie. Almal van hulle het in hul spore omgedraai wat hier getuig het, om 'n draai gegaan en toe is daar traanrook geskiet maar daar is geen getuienis aangebied deur enige getuies om die polisie te blameer en te sê of te bewys dat die polisie het onnodig daar geskiet nie. Ons het die getuienis daarteenoor van die polisie wat sê hulle het die mense voorgekeer daarso. Hulle het stelling ingeneem tussen hulle en die winkel en die mense het toe aangeval met klippe. So selfs hierdie verweer wat gestel is dat die polisie die oorsaak sou gewees het van al hierdie aanvalle deurdat hulle sommer onnodig traanrook geskiet het, het geen substansie nie en daar is geen rede hoegenaamd waarom die polisie se weergawe nie aanvaar kon word nie. Ons submissie dan oor hierdie hele aspek in Tumahole is dat elke faset wat hier gebruik was deur die verdediging, dit is die geval van Tutu, die aanvalle deur die polisie hoegenaamd het nie gerealiseer nie en ons stel dit verder en ons stel dit

verder / ..

verder dat die moeilikheid wat daar ontwikkel het in Tumahole het ontwikkel as deel van die hele opset om die swart mense in Huhudi te organiseer teen..

HOF: Ek is bly dat ons so vinnig gaan want ons is nou al by Huhudi.

MNR JACOBS: In Tumahole georganiseer het teen swart plaaslike besture en daarom is hulle aangeval, hul eiendom is aangeval en hulle is geforseer onder druk om te bedank. Dit voltooi dan hierdie hoofstuk.

HOF: Gaan u aan met Grahamstad of gaan mnr Fick aan?

MNR JACOBS: Nee, dit is mnr Fick s'n.

HOF: Ja dankie, ons sal mnr Fick aanhoor oor Grahamstad.

MNR FICK: Dankie, edele. Bladsy 563, maak ons die eerste punt, paragraaf 1.1, dat die organisasies wat daar in Grahamstad bestaan het geaffiliëer was met UDF, word daar genoem GRACA, COSAS, CAAWU en Congress of Democrats, asook NUSAS en Black Students Movement.

HOF: Waarvoor staan CAAWU?

MNR FICK: Ek dink dit moet wees G - GAAWU.

HOF: General and Allied?

MNR FICK: General and Allied Workers Union. Dit is 'n tikfout. Dan sal ek verwys na bladsy 565 waas Meistre getuig het oor 'n aantal dokumente wat hy in sy besit gekry het, onder andere die NUSAS Katberg Song Sheet en ander dokumente oor vryheidsliedere en ek wil aan die hand doen hierdie is 'n verdere bewys dat die mense word doelbewus geleer omtrent vryheidsliedere. Dan wil ek na p 567 toe gaan waar die getuienis van mnr Ndwebisa behandel word, die verdedigingsgetuie. Hy gee toe in paragraaf 1.2.1.2 dat GRACA gevorm was om die raadslede te dwing om te

bedank / ..

bedank.

HOF: Kan ek net 'n vraag vra oor die eerste paragraaf dit wil sê die vyfde reël. Daar staan die woord "blokkeer" - is dit patrolleer of blokkeer? Op bladsy 567, reël 5. Die eerste woord, is dit patrolleer of blokkeer?

MNR FICK: Blokkeer. Sy getuienis is hy moes die mense voorkeer om nie verder te ry nie omdat daar 'n klipgooiery aan die gang was.

HOF: Ja, dankie.

MNR FICK: Die getuie Ndwebisa sê dan verder in die laaste paragraaf op dié bladsy dat GRACA het niks met die raadstelsel of ander owerheidsliggame wou hulle te doen gehad het nie. Hy sê dan verder op p 568 dat GRACA het die Grahamstown Voice gebruik om sy beleid en aktiwiteite te propageer. Dit is nie 'n gewone "community newspaper" nie, dit is een wat hulle spesifiek gebruik het om hul doelstellings te bevorder. Hy beweer verder dat GRACA nie 'n raadstelsel wou gehad het nie, hulle wou nie teruggegaan het na die ou stelsel toe nie maar hulle wou as't ware sitting gehad het in die bestaande Grahamstads stadsraad, maar hy toe dat hulle nêrens hierdie storie wat hy nou vir die hof vertel, word in enige van hul dokumente verkondig vir die publiek nie. Hy gee dan ook toe in die laaste paragraaf soos in BEWYSSTUK W.79 aangetoon word dat GRACA hulself gesien het as alternatief vir die raadstelsel. Hierdie selfde bewysstuk bevestig die getuie dat hulle verklaar dat UDF en GRACA die parlement, die gemeenskapsrade, die bantustans en die Ciskei sien as hul gemeenskaplike vyand; dat hulle 'n "common purpose" het om die mense te organiseer. Dit is spesifiek die woorde wat hy gebruik het, ter

verwesenliking/..

verwesenliking van ŉ sogenaamde "non-racial democratic South Africa". Sy poging om te verduidelik hoekom GRACA die spreuk wat deur die Mosambiekse rewolusie gebruik word, "Aluta continua" gebruik, kan die man glad nie verduidelik nie, hy is pateties daaroor en is klaarblyklik leuenagtig, waarom hulle die spreuk gebruik en waarom dit nodig was om vir die mense te sê dit kom uit ŉ rewolusie uit. Dan word betoog op bladsy 569, die laaste paar paragrawe waar dit blyk dat van 1984 tot 1987 het al die skole geboikot, selfs die laerskool. En dit is ŉ aanduiding met respek van die opsweping en die misbruik wat gemaak word van die jeug deur COSAS. Wat weet ŉ gr.1 leerling van die grondwetlike bestel, hoekom sal hy boikot daaroor uit sy eie wil? Ek gaan dan na bladsy 570 toe. Dit is die getuienis van dr Miller en dit word betoog dat sy getuienis oor wat op daardie openbare vergadering sou gebeur het waar NUSAS, COSAS en BSM sou gesê het dat hulle teen geweld is, is eintlik niksseggend. Daar kan tog nie met enige mate van erns verwag word dat COSAS op ŉ openbare vergadering waar enige lid van die publiek gaan wees gaan sê maar kyk, ons ondersteun die geweldpleging, dit is ŉ baie goeie ding wat gebeur het nie. Dan is daar die getuienis verder van die geweldpleging wat by die Josa-skool uitgebreek het waar die mense COSAS geskree het en "viva Mandela" en "Tambo" en hul vereenselwig het met die ANC en dat hulle eintlik met ŉ plakkaat geloop het, dit staan op p 572 waar dit groot bo-aan COSAS gestaan het en hulle vir die polisie gesê het hulle moet weggaan, hulle wil nie die polisie hê nie. Ek wil betoog dat hierdie betoging inderwaarheid deur COSAS gereël was en uitgevoer was. Dan wat die begrafnis van 9 November 1984 betref is daar die

staatsgetuienis/..

staatsgetuienis dat hierdie begrafnis van Patrick, was daar UDF en COSAS baniere gewees, die mense het UDF T-hempies gedra en daar het geweldpleging uitgebreek na die tyd. Die verdediging het gekom met ŉ verweer om dit te weerlê en ŉ hele aantal stellings gemaak wat op p 575 en 576 uiteengesit word. Dan die getuie Ndwebisa wat hulle geroep het die verdediging oor hierdie begrafnis. Ek sit uiteen vyf aspekte wat al die stellings weerspreek wat die verdediging gemaak het. As hierdie getuie iets gedoen het is dit om te bewys dat die verdediging se verweer nie waar is nie. Dan verwys ek na die dokumentêre getuienis, AM.39, dit is ŉ pamflet van GRACA wat bevestig dat GRACA betrokke is by die kampanje teen die raadslede en die massas indoktrinering om die raadslede verwerp te kry. Dan BEWYSSTUK AAY.4, dit begin op bladsy 577 maar word bespreek op 578, word betoog dat dit duidelik is dat daar beplanning is van kampanjes van UDF en dat hulle ook daar uitdruklik bepaal het hoe hulle die staat moet konfronteer, dit is paragraaf 4.3.3. Ook BEWYSSTUK AAY.7, ŉ COSAS pamflet wat daar gevind is dui daarop dat COSAS die skoliere opsweep om enige poging tot rekonsiliasie met die owerhede te verwerp. Slegs as aan COSAS se eise voldoen word sê COSAS dan gaan die skoleboikot beëindig word. Dan vertel hulle vir die massas: "it is our right to attack" en "The blood of Vaal, Thabong, Cradock, Atteridgeville calls upon us to unite with students of other places". Dan verwys ek na p 579, spesifiek na BEWYSSTUK AA.49, dit is ŉ pamflet "Freedom Songs". <u>Ex facie</u> die stuk is dit ŉ UDF dokument maar hier is dit weer duidelik dat die massas word geïndoktrineer oor vryheidsliedere - nie net vryheidsliedere nie, maar saam met die vryheids-

liedere / ..

liedere word 'n kort skets gegee van die betrokkenheid van Mandela, Joseph Sisulu en Aggett, oor wie die vryheidsliedere gaan en hoe hulle betrokke was in die vryheidstryd en waarom daar oor hulle gesing word. In BEWYSSTUK AAY.16, dit is 'n dokument van die "Housing commission" van die UDF waar Phila Nkayi van GRACA ook verteenwoordig was, is dit duidelik dat die massa ook opgesweep word om verskuiwings te gebruik en word daar beplan hoe moet hulle verskuiwings gebruik om die massas te mobiliseer. En hoe hulle die "anger" van die "resettled people" kan gebruik, dit is paragraaf 463, tot hulle eie voordeel. GRACA word betoog in paragraaf 5.5 het nie net deelgeneem aan plaaslike stryd nie maar het homself gesien as deel van die nasionale bevrydingstryd en hy het die knelpunte van UDF opgeneem om die massas te mobiliseer met die doel soos deur Ndebisa self erken, om 'n "democratic non-racial South Africa" daargestel te kry.

Dan gaan ek oor na WORCESTER toe. Worcester, in die algemeen op 582 is dit die getuienis dat UWO en die WCCA aktief in Worcester georganiseer het en beide was geaffilieer met UDF. Daar is 'n kampanje gevoer teen die raadslede wat begin het met pamfletverspreiding en ons weet daar is later dreigemente teen die huurmotoreienaars wat ook raadslede was geopper. Ek gaan dan na p 585 toe waar die getuie Badi van die verdediging bespreek word. Dit is nou die raadslid wat gedreig sou gewees het, die huurmotorman. Sy getuienis is hoogs ongeloofwaardig. Ek het die aspekte daar aangehaal, daar is agt punte waarom ek sê dat die man 'n leuenaar is en ek wil betoog dat hierdie man se hewig en valse ontkenning van die dreigement teenoor hom geuiter is 'n aanduiding presies van hoe hierdie mense geïntimideer is

Hy / ..

Hy sien meer kans om vir hierdie hof openlik te kom lieg as om te erken: maar kyk, ek is gedreig as 'n raadslid. Hy is banger vir die publiek as vir die hof. Dit sê ek ook in paragraaf 1.20 of p 586. Dan p 587, paragraaf 1.22 is dit duidelik dat die WCCA en UWO saam met UDF gewerk het. Hulle het opdragte via hul hoofkantore gekry van UDF en hierdie getuie Moleleki bevestig ook dat raadslede op hul vergaderings as "puppets" uitgekryt is. Sy bevestig op p 588 dat WCCA en UWO gestig is in Zweletemba nadat die hoofkantoor van hierdie organisasies by hulle kom praat het oor die stigting van so 'n tak en dit is met respek ook 'n aanduiding van wat nou eintlik bedoel word as hulle praat van "the people" doen dit en doen dat. Hierdie is organisasies wat ook maar van bo-af om die uitdrukking van die verdediging te gebruik, kom. Dit is organisasies wat van Kaapstad af gekom het en kom stig is. Dit is nie spontane reaksie van die inwoners self nie. Dit is 'n groep mense wat van die hoofkantoor van hierdie organisasies gekom het en 'n paar mense gekry het om 'n tak te stig en die massas te mobiliseer. Dit staan op p 588. En dan is dit verder duidelik uit p 588 en 589, ek het die passasies daar aangehaal, hoe UWO en die Western Cape Civic Association van Worcester saamgewerk het met die stigting van UDF, die beplanning vir die stigting en wat hulle daarna gedoen het ten aansien van UDF. Dan p 592 heel bo-aan verwys ek na die getuienis van hierdie getuie waar sy beken dat die WCCA laas in 1983 die gemeenskapsraad genader het met probleme en ek betoog dat dit presies is wat aan die gang is. Hulle wil nie probleme opgelos hê nie, hulle identifiseer net probleme en hoor wat is die gemeenskap se probleme en dan buit hulle dit uit.

Van 1983 af het hulle niks gedoen om die gemeenskapsraad wat die probleme kan oplos, te probeer onderhandel nie. Dan oor die gebeure op 15 September 1984 is daar die getuienis dat die WCCA en UWO het pamflette uitgedeel wat die kampanje teen die raadslede ingelui het en Badi se getuienis ook hieroor is met alle respek soos op p 593 uiteengesit word, hoogs ongeloofwaardig. Ek betocg in geheel op p 596 dat dit uit die getuienis duidelik is dat hierdie organisasies in Worcester het die massas gemobiliseer en georganiseer teen die plaaslike besture en die raadslede. Daar was direkte skakeling tussen hierdie organisasies en UDF via hulle hoofkantore. UDF self het op Worcester die massas mobiliseer teen plaaslike besture deur vergaderings te kom toespreek en dat die geweldpleging teenoor die raadslede wel geskied het in Zweletemba. Dit word betoog dat die geweldpleging die direkte gevolg is van die opsweping deur hierdie organisasies. Dit was pas 'n week na UWO en die WCCA hul pamflette teen die raadslede versprei het dat die geweldpleging begin het.

Dan gaan ek oor na SOMETSET-OOS. Bladsy 598 wil ek eerstens na verwys paragraaf 1.8, is dit duidelik dat daar 'n kampanje gevoer was teen die raadslede - in 1984 het dit begin met pamflette, plakkate en gesê die raadslede is "puppets" en "sell outs". Dan gaan ek na p 600 toe waar bevestig word deur Gqobane dat COSAS - dit is 'n verdedigingsgetuie - by die skool in skoolure het hy vergaderings loop hou. Hierdie Gqobane word verder betoog is 'n man wat nie op hoogte is van die politieke gebeure in sy gebied nie, hy weet nie eers wanneer die raadslede in Somerset-Oos verkies is nie en die getuie se ontkenning van die hou van

enige / ..

enige vergaderings van raadslede moet in dié lig gesien word dat hy is 'n man wat nie op hoogte is van die gebeure nie. Dan op bladsy 601, paragraaf 1.19.2 bevestig Plaatjie 'n ander verdedigingsgetuie dat al die skoliere by sy skool wat hy van weet is COSAS-lede. Hy bevestig op p 602 bo-aan dat die skoolboikot by hierdie skool besluit was by 'n COSAS-vergadering. En dan is daar die getuienis van mnr Rich oor die tydperk Julie tot Augustus 1984 dat hy het plakkate gekry in die gebied wat oor COSAS en UDF se aktiviteite gehandel het, wat versprei is en opgeplak is in die woongebied. Hy sê hierdie goed kan hy nie aan die hof voorlê nie want dit het saam met sy kantoor afgebrand. Gqobane bevestig op bladsy 603 dat daar wel padversperrings aangebring is in die woongebied maar hy kan nie onthou wanneer nie. Dan op 605, die getuie Gqobane ontken dat die skoleboikot nog in Desember aan die gang was soos in BEWYSSTUK W.32 uiteengesit word en beweer dat die skole weer hervat het in September 1984. Dit is teenstrydig met sy eie getuienis wat hy aanvanklik gelewer het. Dan het Alex Mapela ook getuig voor die hof en hy weerspreek op 606 paragraaf 3.3.2 Gqobane se getuienis oor wanneer die skoolboikot begin het. Dit is ooglopend in paragraaf 3.3.3 dat Mapela is 'n ontwykende getuie wat baie kardinale aspekte nou nie kan onthou nie soos wanneer die boikot begin het of wie die voorbok was by die vergadering toe op die boikot besluit is. Hy kom op bladsy 607, paragraaf 3.3.9 met die ooglopende vals relaas vorendag dat die eerste keer wat hy van 'n PRC gehoor het was binne-in die hof. Hy is nou die skolier. Hy het ook nooit geweet die skoliere daar by hulle is ongelukkig nie. Dit is direk botsend met Gqobane se

getuienis/..

getuienis. Dan bladsy 608, Plaatjie vir die verdediging kom in paragraaf 3.4.2 en hy weerspreek Mapela se getuienis dat hulle na die Septembervergadering sou gewag het vir skoliere om terug te kom. Hulle weerspreek mekaar daaroor. Dan op bladsy 609, paragraaf. 4.4.1, is aan hom gestel oor wat in Oktobermaand by die skool sou gebeur het en dan kom hy met die absolute onsinnig antwoord vorendag dat hy hy nie kan onthou of die leerlinge rondmarsjeer het en of hulle die skoolhoof wou aanrand nie. Nou dit is met respek vals. So-iets vergeet 'n mens nie - dit het gebeur of dit het nie gebeur nie. Dit is duidelik dat dié man goed vir die hof wegsteek. Dan is daar die getuienis dat in November 1984 is daar vergadering gehou deur SEYCO, SERA en COSAS, bladsy 609 en daar was Mzukise Banzana en Ntshutu was sprekers by die vergadering gewees en dit het gegaan teen die raadslede en teen die polisie, bladsy 610, paragraaf 5.7. Daar is gesê die mense moet ontslae raak van die polisie en nie vriende wees met hulle nie en daar is gedreig hul huise sal gebrand word. Dan is daar die getuienis op bladsy 613 van die vergadering wat in die ou Apostoliese Kerk in Somerset Oos gehou was. Dit was 'n vergadering volgens die staat wat deur SERA, SEYCO en COSAS belê gewees het en daar het Mathew Goniwe onder andere die mense kom toespreek oor COSAS, bladsy 614, oor straatkomitees en hoe hulle gaan funksioneer en wat hulle werk gaan wees, dat hulle die raadslede en die polisie se werk gaan oorneem. Dan bladsy 616 die heel-laaste sin is daar net 'n tikfout. Die naam is Mzukisi Banzana Daar staan Ganzana, 615, die heel-laaste sin. Dan op 617 verwys ek na die getuienis van die heer Mapela van die verdediging wat nou getuig oor die probleme by die skole,

die / ..

die sogenaamde papiere teen die deure wat hy op 4 Februarie gekry het en ek verwys die hof na bladsy 618 na die absolute ongeloofwaardigheid van hierdie man se getuienis en die argumente waarom die staat sê hierdie man se getuienis kan nie aanvaar word nie. Dan op bladsy 619 begin die getuienis van Plaatjie oor die sogenaamde vergadering wat in die Apostoliese Kerk gehou is en volgens die verdediging 'n biduur was. En ek verwys op bladsy 619, 620 na die teenstrydighede in die verdediging se getuienis oor die vergadering, hoe hulle mekaar weerspreek oor wat sou daar gesê gewees het en wie wat sou gedoen het en ek doen aan die hand dat hierdie klomp weersprekings oor die vergadering van die verdediging is eenvoudig dat hulle vir die hof kom leuens vertel oor wat daar gebeur het. Ook op bladsy 622 is die verdere getuienis van Mbotsha wat sy weergawe kom gee oor wat op hierdie vergadering met die biduur sou gebeur het - dit is ook teenstrydig met die ander getuienis soos dit daar uitgewys word vir die hof. Daar is nie een getuie wat die ander een staaf oor die vergadering, vir die verdediging in elk geval. Dan is daar die getuienis op bladsy 624 van die staat oor wat sou gebeur het op 11 Februarie 1985, hoe die jeug daar aangekom het by die kantore en die aanval wat daar was op mnr Rich en mnr Memese, die burgemeester. Dan op bladsy 629 verwys ek net kortliks in paragraaf 9.30 dat Gqobane se getuienis oor die voorval en die geweldpleging in Somerset-Oos is ooglopend vals en hy steek vir die hof 'n yslike klomp feite weg. Dan bladsy 631 ontleed ek die getuienis van die verdediging met betrekking tot wat op 11 Februarie sou gebeur het, die aanval daar by die raadskantore op Memese en daar is dit op 631, 632, 633 en 634, dit is alles

weersprekings/..

weersprekings. Daar is nie een getuie wat die ander een van die verdediging staaf oor wat daar gebeur het nie. Dit is alles ʼn klomp leuens word aan die hof betoog wat hierdie klomp getuies kom vertel oor wat sou gebeur het. Dit is omdat hulle wil wegsteek die geweldpleging waarby hulle betrokke was. Dan verwys ek na bladsy 636, paragraaf 12.3 daar is ʼn verdere bewys word betoog van die beheer wat hierdie Mzukisi Banzana oor die jeug daar uitgevoer het in Somerset-Oos. Hulle vergader daar, is beter met ʼn onwettige vergadering en hulle gooi die polisie met klippe. Banzana kom na die polisie toe en sê wat gaan aan. Polisie sê hy gee hulle vyf minute kans om uiteen te gaan. Toe die polisie terugkom het Banzana die klomp uitmekaar uit en alles is reg. Dit is duidelik..

HOF: Is dit Sibanzana of Banzana?

MNR FICK: Hy word deur party getuies genoem Sibanzana en ander noem hom Banzana en ek dink waar die probleem inkom ek het gesien dat partykeer word die naam Mzukisi word die "si" van Mzukisi gesit aan die Sibanzana. Dit is klaarblyklik waar die..

HOF: Hy is net Banzana.

MNR FICK: Hy is eintlik Banzana, die meerderheid gevalle is Banzana. Dan die getuienis op bladsy 639, dit is die staat se getuienis oor wat sou gebeur het op die begrafnis van Deborah Memese op 16 Maart 1985. Dan het ʼn aantal verdedigingsgetuies oor hierdie begrafnis getuig. Dit word betoog dat hierdie getuie soos oor die ander aspekte mekaar totaal weerspreek oor wat daar sou gebeur het. Van bladsy 646 af die laaste paragraaf word daar gewys dat Gqobane se getuienis bots met die stellings wat daaroor gemaak is.

Ook / ..

Ook op bladsy 647 is 'n verdere botsing met die stellings wat gemaak is tussen die getuie en die verdediginstellings. Op bladsy 648 word verwys na mev Ngwalangwala se getuienis en ek behandel ook daarso etlike - tot by bladsy 650 haar getuienis en weersprekings en die totale ongeloofwaardigheid en die weersprekings tussen haar getuienis en die van die ander verdedigingsgetuies oor wat op hierdie begrafnis sou gebeur het. Dan op bladsy 651 behandel ek die getuienis van Alex Mapela oor wat hy beweer op die begrafnis gebeur het en dit is ook op bladsy 651 tot 652 is dit duidelik al die weersprekings wat agt van hulle, tussen sy getuienis en die ander verdedigingsgetuies. Dan op bladsy 652 onder-aand begin Thambi Mbotsha se getuienis oor wat hy sê daar gebeur het by die begrafnis en van daardie bladsy 652 af tot by bladsy 655 behandel ek die botsing tussen sy getuienis en die ander verdedigingsgetuies van wat op die begrafnis gebeur het. Op 17 Maart 1985 het Mguba getuig oor die geweldpleging wat verder aangegaan het in die woongebied en die aanval op sy huis. Dan verwys ek u graag na bladsy 659 na die getuienis van mnr Rich wat nooit weerspreek is deur die verdediging nie. Hy sê vyf mense het na hom toe gekom en vir hom gesê hulle is van die Somerset-East Residents Committee. Dit was Ngwalangwala, dan kom Donald Mbotya, 'n ander Ngwalangwala en Mtoto, dit is die bestuur wat ons nou weet van SERA. Toe mnr Rich vir hulle vra nou wie het julle aangestel om met my te kom praat toe vertel hulle vir hom in April 1985 ons het onsself aangestel. Dit met respek is presies wat gebeur het. Dit is mense wat verkondig in publikasies en in hul getuienis dat hulle die "community" verteenwoordig maar dit is mense wat hulself aangestel

het / .

het en die massas uitbuit vir hul eie doeleindes. Bladsy 661, edele, handel oor die sogenaamde stigting van SERA waar die verdediging heeltemal 'n ander weergawe gegee het as die staat maar in paragraaf 18.38 kom weerspreek die twee getuies van die verdediging mekaar absoluut oor waar die stigtingsvergaderings wat hulle nou sou bygewoon het, plaasgevind het. Die een vertel dit is in die Metodiste Kerk en die ander een stry blou moord en sê dit is in die Anglikaanse Kerk en dit word met respek ook betoog dat dit gedoen word omdat die mense leuens kom vertel. Ek betoog dan op bladsy 662 paragraaf 19.2.1 dat die hof behoort te aanvaar in die lig van al die weersprekende getuienis van die verdediging en in die lig van die staatsgetuienis dat die hof aanvaar dat SEYCO, SERA en COSAS reeds vanaf 1984 vergaderings in die woongebiede gehou het en dat die vergaderings adverteer is met plakkate en pamflette; dat hulle kampanjes teen die swart plaaslike besture gevoer het; dat daar padversperrings aangebring is vanaf Julie/Augustus 1984 in die woongebiede en dat UDF van toe af begin vergaderings hou het in die gebiede; ook dat in November 1984 het hierdie drie organisasies, plaaslike organisasies massavergaderings gehou het waar die massas teen die raadslede opgesweep is; dat daar weer 'n verdere vergadering gehou is deur die organisasies waar dieselfde gedoen is; dat Banzana in November 1984 probeer het om die gemeenskapsaal te bespreek vir 'n UDF-vergadering - dit is die skakeling tussen hom en UDF; dat in Januarie/Februarie 1985 het COSAS, SERA en SEYCO massavergaderings belê waar Goniwe oor die straatkomitees gepraat het en die massas daaroor ingelig het en dat hulle die polisie se pligte gaan oorneem; Dat Ntsudu en ander COSAS-lede

vir / ..

vir luitenant Labuschagne kom spreek het en hom meegedeel het dat hulle griewe opgelos moet word om onluste te voorkom; dat die griewe was sodanig dat daar nie redelikerwys aan voldoen kon word soos hulle eis van die polisie dat die raadslede moet bedank en 'n alternatiewe raadstelsel opgestel moet word. Dat dieselfde groep op 10 Februarie hom weer gaan sien het en toe hy vir hulle gesê hul griewe word na die plaaslike owerheid verwys was hulle ontevrede en die volgende dag vind ons daar is geweld; dat die optog na die raadskantore op 11 Februarie 1985 georganiseer was deur COSAS na hul ontevredenheid oor die samesprekings op 10 Februarie; dat die aanvalle daarop op die polisie en die raad deur COSAS geïnisiëer is as deel van die kampanje teen die raadslede en dat dat die aantal op 13 Februarie op Jose die raadsklerk en raadslid Ngenye se huis deel is van die kampanje; dat SEYCO beheer gehad het oor die massas wat in Maart 1985 die polisie aangeval het en dat Banzana spesifiek in beheer was van hierdie groep; dat COSAS, SEYCO en SERA in beheer was van die begrafnis op 16 Maart 1985; dat hulle reeds deur Ntsudu, Nyenye en Banzana die vorige dat die polisie oor die begrafnis kom spreek het; dat die begrafnis van Dora Memese wat nie eens lid van enige organisasie was nie, deur COSAS, SERA en SEYCO uitgebuit is om hul eie beleid te propageer onder die massas; dat die massas op die vergadering deur Mama General tot geweld opgesweep is en dat die raadstelsel en polisie die spesifieke teikens was; dat by die begranis ook UDF en ANC deur sprekers soos Goniwe en Mama General gepopulariseer is; dat padversperrings oral aangebring is om die polisie te verhinder in hulle taak; dat op 17 Maart sersant Mguba se huis aangeval was deur COSAS-

lede / ..

lede en dat die gewelddadigheid in die woonbuurt voortgeduur het tot 19 Maart 1985. Edele, net terloops, Mguba het getuig dat COSAS-lede is wel skuldig bevind na die aanval op sy huis en daardie getuienis is nooit weerspreek nie. Dan laastens word betoog dat die geweldpleging en onluste wat in die woongebied uitgebreek het daarop gerig was om die plaaslike regeringstelsel onwerkbaar te maak as deel van die sogenaamde "liberation struggle".

Edele, mnr Jacobs sal ADELAIDE doen, bladsy 667.

HOF: Ons begin nou lyk na "musical chairs".

MNR FICKS: Dit was definitief nie "musical chairs" toe dit geskryf is nie, edele.

MNR JACOBS: Ons respekvolle betoog is dat in Adelaide is dit COSAS en AYCO wat daar georganiseer het en ons wys in paragraaf 1 op bladsy 667 uit dat daar goeie samewerking was tussen hierdie twee organisasies, in wese sodanig dat daar van hulle bestuurslede op beide organisasies verkies was van COSAS en AYCO. Nou ons wys uit in paragraaf 3 op blaldsy 668 dat die knelpunte wat hoofsaaklik daar opgeneem was, is met betrekking tot onderwys en ook met betrekking tot die swart plaaslike besture. Nou ons noem in paragraaf 2. op bladsy 669 dat die metode wat gevolg is 'n uitdaging en uittarting van die staatsgesag en outoriteite deurdat die skole eers geboikot word. Na die boikotte is daar 'n besetting van die skole en na dit as die polisie intree om die skole te ontset dan duik daar verdere moeilikhede op en dan het daar optogte in die woongebied plaasgevind. Dit was ook die getuienis gewees dat daar was verskeie optogte. Nou op een van hierdie optogte, die een van 11 April 1985 wat behandel word op bladsy 669 van paragraaf 3. af is eerstens is daar

vryheidsliedere/..

vryheidsliedere gesing en slagspreuke geskree gedurende die optog wat gehou was. Ons submissie is dat dit nie 'n vreugdesoptog was soos gesê is deur die getuies nie maar dat dit 'n optog was om juis polisie aanvalle te gaan doen op daardie betrokke dag. Nou die huise is ook aangeval van twee polisiebeamptes wat hier getuig het, Matewu en Springbok.

HOF: Is dit Matewu of Mantewu?

MNR JACOBS: Mantewu, edele. Ek sien hier is 'n spelfout. Nou ook wat daar gevolg het uit hierdie opsweping van die mense is die getuienis dat raadslede het bedank in hierdie gebied. Op bladsy 670 behandel ons dit in paragraaf 6 en in paragraaf 7 word daar verwys na ander geweld wat ook uitgebreek het in hierdie gebied. En dit word gesê daar was "necklaces" en polisiebeamptes se huise was tot 38 keer aangeval en in 'n mate wys ons daarop dat hierdie getuienis bevestig was deur Springbok dat sy huis sporadies in die nag aangeval was en dit was selfs aangeval met 'n petrolbom en hy moes later die gebied verlaat en woonplek gaan kry buitekant die swart woongebied. Nou ons wys daar op bladsy 671 dat daar ook 'n assosiasie afgesien van die vryheidsliedere voorheen, assosiasie is met die ANC, UDF, AYCO met mekaar geassosiëer was en die assosiasie bevorder was deur die aanbring van slagspreuke op verskeie plekke waar dit geverf was. Slagspreuke soos "viva ANC", viva UDF", "viva AYCO", "viva Mandela". Nou die getuie Tapelo Nkayi wat deur die verdediging geroep is, dit is ons submissie dat hy het probeer om weg te steek vir die hof en nie oop kaarte gespeel of eerlik gewees met die hof omtrent die ontstaan van COSAS in Adelaide. Ons submissie is hy het doelbewuste leuens vir u kom vertel oor hierdie hele aangeleentheid van COSAS

se / ..

se bestaan in Adelaide. Op bladsy 671, paragraaf 4. behandel ons 'n hele paar punte waar ons sê hy het leuens aan die hof vertel en ons verwys hier na die kongres wat in Katberg deur COSAS se streek gehou is en ons sê dat hierdie COSAS-tak van Adelaide het daardie vergadering bygewoon en die getuienis van hierdie getuie was tot die effek dat hulle wel daar was. Nou ons sê dat COSAS moes voorheen 'n program uitgewerk het vir hierdie kongres wat daar gehou is en dat inligting moes van Adelaide verskaf gewees het dat hulle die kongres sou bywoon en dat die program dan voorsiening maak daarvoor en dit word bewys deur die program dat daar plek ingeruim is vir Adelaide spesifiek. Daar is spesifiek op bladsy 672, paragraaf 2, sê ons daar is plek ingeruim vir hulle om verslag te doen as 'n tak op hierdie kongres. Nou dit is opmerklik toe hy daar gevra was oor sekere aspekte in kruisondervraging, oor sekere belangrike toesprake of onderwerpe wat daar behandel is, toe het hy skielik 'n baie swak geheue ontwikkel oor daardie vergadering en kon hy nie onthou nie. Sy getuienis word as vals bewys verder deur die register wat aangebied is waarop hulle hul titels en die tak ingevul het op daardie betrokke vergadering. Die ampte wat hulle beklee is daar neergeskryf en dit is neergeskryf as beamptes in die tak van COSAS van Adelaide. Nou in hierdie verband met die getuie probeer voorgee dat hulle het die titels wat hulle beklee het op die "action board" wat daar in Adelaide bestaan het, daar neergeskryf maar met respek sê ons dit is ook absoluut 'n leuen wat hy vir die hof kom vertel het want in die eerste instansie is die titels soos gegee is en wat behandel word op bladsy 675, paragraaf (ii) stem nie ooreen met die titels van die persone op die

"action board" nie. Tweedens wat belangrik is, sy getuienis was dat hy was nooit op die "action board" gekies gewees nie. Sy getuienis is dat op een stadium het hy ageer op die "action board" toe die persoon July in die gevangenis was, maar daar was nooit getuienis dat hy ooit verkies is op die "action board" of ooit 'n posisie beklee het op die "action board" nie. Nou verder is ons betoog dat hierdie persoon 'n klomp leuens vir die hof vertel omtrent hierdie COSAS liggaam en dit is omtrent die interim komitee van COSAS wat daar sou bestaan het. Ons behandel daardie hele aspek van bladsye 676 tot 678. Ek sal dit kort saamvat. U sal onthou dat hy het vertel dit was na die Julievakansie gestig en toe hy nou daaroor gevra word in kruisondervraging, want hy is op 3 Julie dink ek gearresteer; toe hy daaroor begin vra is of dit voor hy gearresteer is dat dit gestig is het hy ontwykend geantwoord. Op 'n stadium het hy gesê dit het glad nie bestaan op daardie stadium nie, hy is ontslaan in Desember. Toe hy gevra is of dit toe bestaan het en daar aan hom uitgewys is dat hy is in 1986 terug skool toe, toe het hy weer sy storie verander. Hy het elke keer die vraag ontwyk en nie direk geantwoord nie en op 'n stadium het hy erken dat toe hy gearresteer is het die interim komitee nie bestaan nie. Toe later het dit weer bestaan so hy het 'n heeltemal verwarrende beeld daar gegee wat ons hier heeltemal uiteensit en ons sê hy het doelbewus hierdie hof mislei, hy het doelbewus vrae wat aan hom gestel is in hierdie hof ontwyk en nie die waarheid vir die hof vertel nie. So die hele opset wat van sy kant gekom het oor die teenwoordigheid van COSAS in daardie gebied is baie beslis nie die waarheid nie. Nou die volgende aspek wat ons dan behandel is dat daar ook

in / ..

in die geval van Adelaide probeer is om die skuld op die polisie te plaas vir al die gebeure daarso. Ons respekvolle submissie is dat hierdie kwessie is nie bewys nie. Die staat het sekere aspekte bewys dat eerstens is Mantewu se huis aangeval, daarna is die huis van Springbok aangeval. Nou die getuienis wat aangebied is ten opsigte van die gebeure by Mantewu se huis bots met stellings wat gemaak is aan Mantewu oor die bestaan van die organisasie daar. Die persoon wat daar getuig het, Nkonki, het getuig hy het tot daar geloop en toe het hy weggehardloop na hulle daar weg is. Daar is 'n botsing of hulle daar gestaan en gesing het of nie - ek wys dit uit hier in die hoofde. Dan die tweede persoon, daar was 'n stelling gemaak dat deur die venster van Springbok se huis sommer op die skare gevuur was. Hier het geen getuie van die verdediging gekom om dit te beaam nie. Die tweede persoon wat hier getuig het vir die verdediging sou gesê het dat hy was nog 'n distansie vanaf die huis van Springbok toe daar iewers 'n skietery gewees het. So ons respekvolle submissie is dat ook oor hierdie aspek van die skietery en die aanval op die polisie is daar nie weerleggende getuienis voor hierdie hof gelê nie en dat die getuienis van die staat in hierdie geval aanvaar moet word. Die kwessie van die skietery deur die venster, daardie stelling wat gemaak word behandel ons hier op bladsy 681, paragraaf 2(ii). Dan wys ons ook op die arrestasies wat daarna plaasgevind het van Nkonki en die ander man, die onwaarskynlikhede daarin en ook die weersprekings wat daarin is en aangebied is deur die verdiging. In die eerste instansie as ek dit kort kan saamvat is dit ons submissie dat die polisie sal nie sommer mense poedelnakend by hul huise

arresteer /..

in die geval van Adelaide probeer is om die skuld op die polisie te plaas vir al die gebeure daarso. Ons respekvolle submissie is dat hierdie kwessie is nie bewys nie. Die staat het sekere aspekte bewys dat eerstens is Mantewu se huis aangeval, daarna is die huis van Springbok aangeval. Nou die getuienis wat aangebied is ten opsigte van die gebeure by Mantewu se huis bots met stellings wat gemaak is aan Mantewu oor die bestaan van die organisasie daar. Die persoon wat daar getuig het, Nkonki, het getuig hy het tot daar geloop en toe het hy weggehardloop na hulle daar weg is. Daar is 'n botsing of hulle daar gestaan en gesing het of nie - ek wys dit uit hier in die hoofde. Dan die tweede persoon, daar was 'n stelling gemaak dat deur die venster van Springbok se huis sommer op die skare gevuur was. Hier het geen getuie van die verdediging gekom om dit te beaam nie. Die tweede persoon wat hier getuig het vir die verdediging sou gesê het dat hy was nog 'n distansie vanaf die huis van Springbok toe daar iewers 'n skietery gewees het. So ons respekvolle submissie is dat ook oor hierdie aspek van die skietery en die aanval op die polisie is daar nie weerleggende getuienis voor hierdie hof gelê nie en dat die getuienis van die staat in hierdie geval aanvaar moet word. Die kwessie van die skietery deur die venster, daardie stelling wat gemaak word behandel ons hier op bladsy 681, paragraaf 2(ii). Dan wys ons ook op die arrestasies wat daarna plaasgevind het van Nkonki en die ander man, die onwaarskynlikhede daarin en ook die weersprekings wat daarin is en aangebied is deur die verdiging. In die eerste instansie as ek dit kort kan saamvat is dit ons submissie dat die polisie sal nie sommer mense poedelnakend by hul huise

arresteer /..

arresteer en in die selle aanhouden tussen 'n klomp ander mense nie en ook poedelnakend hospitaal toe neem vir behandeling nie. Die submissie is verder dat hierdie stelling wat aan die staat se getuies gemaak is van mense wat poedelnakend gearresteer is het ook nie uitgewerk nie want die getuienis van die verdediging was in werklikheid iets anders - eers sou een van hulle 'n onderbroek aangehad het en die ander een sou 'n onderbroek en T-hemp aangehad het. So ook daardie getuienis word nie gerealiseer nie. Dan die onwaarskynlikhede van hierdie kwessie en ook die botsings daarin van die getuienis van die verdediging omtrent die arrestasie en die rede hoekom hy gegaan het na Botha se huis toe. En oomblik het hy gegaan omdat hy geweet het Botha is 'n gewelddadige persoon, die oomblik het hy gegaan omdat hy nie geweet het as Botha nou gedrink is en hy kom uit die huis uit of hy in 'n verkeerde rigting sou gaan nie. Daar is verskeie weergawes van die verdediging daarvoor aangegee hoekom hy nou na Botha toe gegaan het en ons submissie is dat die arrestasie van Botha en hierdie getuie het plaasgevind 'n kort rukkie na hierdie aanval. Die polisie het op die toneel gekom omdat daar nog steeds aanvalle was en die stasiebevelvoerder van Adelaide het self by daardie geleentheid die arrestasie gedoen terwyl die aanvalle aan die gang was. Hulle het van die mense geïdentifiseer en kort daarna is hulle na die huis van Botha toe omdat hulle geweet het wie om te gaan soek en hulle het hom gaan haal en weggeneem. Dit ook is stawing daarvoor dat daar 'n algehele leuen aan hierdie hof vertel is omtrent die polisie se besondere ongeregverdigde en onregverdige optrede by hierdie geleentheid ook. So ons submissie is dat al hierdie onluste wat daar gebeur het in daardie plek was

deels / ..

arresteer en in die selle aanhouden tussen 'n klomp ander mense nie en ook poedelnakend hospitaal toe neem vir behandeling nie. Die submissie is verder dat hierdie stelling wat aan die staat se getuies gemaak is van mense wat poedelnakend gearresteer is het ook nie uitgewerk nie want die getuienis van die verdediging was in werklikheid iets anders - eers sou een van hulle 'n onderbroek aangehad het en die ander een sou 'n onderbroek en T-hemp aangehad het. So ook daardie getuienis word nie gerealiseer nie. Dan die onwaarskynlikhede van hierdie kwessie en ook die botsings daarin van die getuienis van die verdediging omtrent die arrestasie en die rede hoekom hy gegaan het na Botha se huis toe. En oomblik het hy gegaan omdat hy geweet het Botha is 'n gewelddadige persoon, die oomblik het hy gegaan omdat hy nie geweet het as Botha nou gedrink is en hy kom uit die huis uit of hy in 'n verkeerde rigting sou gaan nie. Daar is verskeie weergawes van die verdediging daarvoor aangegee hoekom hy nou na Botha toe gegaan het en ons submissie is dat die arrestasie van Botha en hierdie getuie het plaasgevind 'n kort rukkie na hierdie aanval. Die polisie het op die toneel gekom omdat daar nog steeds aanvalle was en die stasiebevelvoerder van Adelaide het self by daardie geleentheid die arrestasie gedoen terwyl die aanvalle aan die gang was. Hulle het van die mense geïdentifiseer en kort daarna is hulle na die huis van Botha toe omdat hulle geweet het wie om te gaan soek en hulle het hom gaan haal en weggeneem. Dit ook is stawing daarvoor dat daar 'n algehele leuen aan hierdie hof vertel is omtrent die polisie se besondere ongeregverdigde en onregverdige optrede by hierdie geleentheid ook. So ons submissie is dat al hierdie onluste wat daar gebeur het in daardie plek was

deels / ..

deels om die vryheidstryd georganiseer deur organisasies wat bestaan het in daardie gebied en die geweld wat daar plaasgevind het was gemik op die instellings van die staat te wete die polisie en swart plaaslike besture en raadslede. So ons vra u om te aanvaar dat ook in hierdie - en ook ek vergeet dit is die skole en die onderwysstelsel - vra ons u om ook in hierdie geval te bevind dat die getuienis wat die staat aangebied het nie die waarheid openbaar nie en dat die verwere wat aangebied is nie die waarheid was nie.

Met respek mnr Fick het Graaff-Reinet. Ongelukkig kom nie een na die ander agtermekaar nie.

MNR FICK: Dankie. Eerstens verwys ek u na bladsy 686 onderaan, paragraaf 4 en bladsy 687 bo-aan waar dit duidelik gemaak word welke organisasies daar was in Graaff-Reinet en wie daar opgetree het. Daar word ook verwys na bladsy 687 paragraaf 6(c) 1., waar dit duidelik gemaak word dat daar twee vergaderings gehou was en dat die plaaslike besture ook hier aangeval is en uitgemaak is as "puppets" en "dummy institutions". Dan op bladsy 688 begin ons betoog in verband met 'n vergadering van GRAFCON en GRYCO wat op 8/8/84 gehou was en die hooftema daar was ook weer teen die verkiesings, die grondwetlike bestel word die mense gesê hulle moet nie stem nie. Dan bladsy 690 op dieselfde vergadering verwys ons na die feit dat daar ongeveer vyftien minute na die vergadering die staatsgetuie by die saal by die ingant 'n pakkie van ongeveer 'n halfduim hoog van eksemplare van afgerolde liedere gekry en die opskrif daarvan is UDF "songs", Augustus 1984 en dit is ex facie UDF dokumente en met alle respek daar is net een afleiding wat mens hiervan kan maak en dit is dat hierdie is goed wat by die vergadering uitgedeel is wat

gebruik / ..

deels om die vryheidstryd georganiseer deur organisasies wat bestaan het in daardie gebied en die geweld wat daar plaasgevind het was gemik op die instellings van die staat te wete die polisie en swart plaaslike besture en raadslede. So ons vra u om te aanvaar dat ook in hierdie - en ook ek vergeet dit is die skole en die onderwysstelsel - vra ons u om ook in hierdie geval te bevind dat die getuienis wat die staat aangebied het nie die waarheid openbaar nie en dat die verwere wat aangebied is nie die waarheid was nie.

Met respek mnr Fick het Graaff-Reinet. Ongelukkig kom nie een na die ander agtermekaar nie.

MNR FICK: Dankie. Eerstens verwys ek u na bladsy 686 onderaan, paragraaf 4 en bladsy 687 bo-aan waar dit duidelik gemaak word welke organisasies daar was in Graaff-Reinet en wie daar opgetree het. Daar word ook verwys na bladsy 687 paragraaf 6(a)1., waar dit duidelik gemaak word dat daar twee vergaderings gehou was en dat die plaaslike besture ook hier aangeval is en uitgemaak is as "puppets" en "dummy institutions". Dan op bladsy 688 begin ons betoog in verband met 'n vergadering van GRAFCON en GRYCO wat op 8/8/84 gehou was en die hooftema daar was ook weer teen die verkiesings, die grondwetlike bestel word die mense gesê hulle moet nie stem nie. Dan bladsy 690 op dieselfde vergadering verwys ons na die feit dat daar ongeveer vyftien minute na die vergadering die staatsgetuie by die saal by die ingant 'n pakkie van ongeveer 'n halfduim hoog van eksemplare van afgerolde liedere gekry en die opskrif daarvan is UDF "songs", Augustus 1984 en dit is _ex facie_ UDF dokumente en met alle respek daar is net een afleiding wat mens hiervan kan maak en dit is dat hierdie is goed wat by die vergadering uitgedeel is wat

gebruik / ..

gebruik was op die vergadering vir die mense om die liedere te sing en dit word betoog hierdie is 'n verdere aanduiding dat die mense nie vrywillig sing nie maar dat die mense geleer word in verband met vryheidsliedere. Dan bladsy 692 paragraaf 7 is dit duidelik daat by die Ngebu sekondêre skool 'n boikot van klasbywoning geheers het van Maart 1984 af en hierdie ding het maar aangegaan vir die hele 1984 het hy opgebou en gedurende hierdie skoolboikotte het die skoliere op die skoolgronde vergader, dan het hulle van Tambo en Nelson Mandela gesing, geskree van UDF, GRYCO en GRAFCOM, dit is op 692 onder-aan en dan word daar getuig dat op 24 April 1984, dit is bladsy 693, was daar weer probleme gewees en dié dag het dit verband gehou met die skorsing van 'n student, skolier Spiri Pase en op dié betrokke dag is die skool toegesluit, die onderwysers kon nie uit nie en die polisie kon nie in nie en daar is weer "viva GRYCO, GRAFCOM en UDF geskreeu en daar het geweldpleging uitgebreek dié dag by die skool en die onderwysers en die polisie is aangeval as die teikens. Dit word na verwys op bladsy 694. Dit is ook onbetwis gelaat hierso op bladsy 695 bo-aan dat Spiri Pase gearresteer is na aanleiding van hierdie voorval en hy is skuldig bevind aan openbare geweld en hy is tot drie jaar gevangenisstraf gevonnis. Dan op bladsy 695 onder-aan, paragraaf 8 is dit volgens Stander se getuienis onbetwis dat daar jeugdiges op 16 Junie 1984 'n onwettige opelugvergadering gehou het in die agterplaas van 'n huis en soos later blyk uit bladsy 702 van die betoogshoofde het GRAFCOM hierdie besondere dag op hierdie selfde datum 16 Junie 1984. Ek wil net verwys na bladsy 696 intussen ook, paragraaf 9.1 waar dit opmerklik is dat GRAFCOM as sinoniem vir UDF op

gebruik was op die vergadering vir die mense om die liedere te sing en dit word betoog hierdie is 'n verdere aanduiding dat die mense nie vrywillig sing nie maar dat die mense geleer word in verband met vryheidsliedere. Dan bladsy 692 paragraaf 7 is dit duidelik daat by die Ngebu sekondêre skool 'n boikot van klasbywoning geheers het van Maart 1984 af en hierdie ding het maar aangegaan vir die hele 1984 het hy opgebou en gedurende hierdie skoolboikotte het die skoliere op die skoolgronde vergader, dan het hulle van Tambo en Nelson Mandela gesing, geskree van UDF, GRYCO en GRAFCOM, dit is op 692 onder-aan en dan word daar getuig dat op 24 April 1984, dit is bladsy 693, was daar weer probleme gewees en dié dag het dit verband gehou met die skorsing van 'n student, skolier Spiri Pase en op dié betrokke dag is die skool toegesluit, die onderwysers kon nie uit nie en die polisie kon nie in nie en daar is weer "viva GRYCO, GRAFCOM en UDF geskreeu en daar het geweldpleging uitgebreek dié dag by die skool en die onderwysers en die polisie is aangeval as die teikens. Dit word na verwys op bladsy 694. Dit is ook onbetwis gelaat hierso op bladsy 695 bo-aan dat Spiri Pase gearresteer is na aanleiding van hierdie voorval en hy is skuldig bevind aan openbare geweld en hy is tot drie jaar gevangenisstraf gevonnis. Dan op bladsy 695 onder-aan, paragraaf 8 is dit volgens Stander se getuienis onbetwis dat daar jeugdiges op 16 Junie 1984 'n onwettige opelugvergadering gehou het in die agterplaas van 'n huis en soos later blyk uit bladsy 702 van die betoogshoofde het GRAFCOM hierdie besondere dag op hierdie selfde datum 16 Junie 1984. Ek wil net verwys na bladsy 696 intussen ook, paragraaf 9.1 waar dit opmerklik is dat GRAFCOM as sinoniem vir UDF op

dokumente/..

dokumente aangewend word. Dan vind ons op bladsy 697 AZASO en COSAS se oproep aan studente landswyd om die boikot - die boikot word gepropageer. Ons vind dat GRAFCOM verklaar in paragraaf 9.4 dat hulle ook 'n beroep doen om mense om nie te gaan stem nie en dan sê hulle ook hulle is deel van die "struggle for peace, liberation and justice" en dit gaan oor die vryheid. Dan op bladsy 698 word verwys na 'n dokument ABA.7 wat 'n ex facie dokument uitgereik is deur GRAFCOM waar hulle self sê, paragraaf 10.2.1, dat die einddoel waarvoor hulle stry is "freedom where the people shall govern". Dit gaan met ander woorde nie oor plaaslike aangeleenthede self nie, maar is deel van die nasionale stryd. Bladsy 699, paragraaf 10.2.7 was dit duidelik dat volgens die dokument hulle hulle ook vereenselwig met Nelson Mandela en die ander ANC aangehoudenes op Robbeneiland wat hulle verklaar hierdie mense is inderwaarheid hulle leiers. Die verdediging het 'n suggestie gemaak, dit is bladsy 701 dat GRAFCOM op 24 Julie 1984 gestig sou gewees het maar die getuienis vir die staat is dat miskien was hy op daardie datum amptelik gestig gewees maar voor die tyd het hulle al geopereer onder die naam GRAFCOM en dan word in paragraaf 12.2 daarop gewys dat die verdediging se stelling word in dieselfde dokument ABA.6 wat erken word en waarop hulle steun, blyk dit dat GRAFCOM op 16 Junie 1984 al betrokke was by die wegbly-aksie tydens die herdenkings. Daar word verwys op bladsy 703 na die verdedigingsgetuie Charmaine Sam. Sy bevestig dat GRYCO reeds in Maart 1984 bestaan het en dat hulle ook UDF se MSC uitgevoer het. Sy bevestig ook dat Spiri Pase is weens sy gedrag uit die skool geskors, bladsy 704. Dan met respek word die hof gevra om haar getuienis

oor / ..

dokumente aangewend word. Dan vind ons op bladsy 697 AZASO en COSAS se oproep aan studente landswyd om die boikot - die boikot word gepropageer. Ons vind dat GRAFCOM verklaar in paragraaf 9.4 dat hulle ook 'n beroep doen om mense om nie te gaan stem nie en dan sê hulle ook hulle is deel van die "struggle for peace, liberation and justice" en dit gaan oor die vryheid. Dan op bladsy 698 word verwys na 'n dokument ABA.7 wat 'n <u>ex facie</u> dokument uitgereik is deur GRAFCOM waar hulle self sê, paragraaf 10.2.1, dat die einddoel waarvoor hulle stry is "freedom where the people shall govern". Dit gaan met ander woorde nie oor plaaslike aangeleenthede self nie, maar is deel van die nasionale stryd. Bladsy 699, paragraaf 10.2.7 was dit duidelik dat volgens die dokument hulle hulle ook vereenselwig met Nelson Mandela en die ander ANC aangehoudenes op Robbeneiland wat hulle verklaar hierdie mense is inderwaarheid hulle leiers. Die verdediging het 'n suggestie gemaak, dit is bladsy 701 dat GRAFCOM op 24 Julie 1984 gestig sou gewees het maar die getuienis vir die staat is dat miskien was hy op daardie datum amptelik gestig gewees maar voor die tyd het hulle al geopereer onder die naam GRAFCOM en dan word in paragraaf 12.2 daarop gewys dat die verdediging se stelling word in dieselfde dokument ABA.6 wat erken word en waarop hulle steun, blyk dit dat GRAFCOM op 16 Junie 1984 al betrokke was by die wegbly-aksie tydens die herdenkings. Daar word verwys op bladsy 703 na die verdedigingsgetuie Charmaine Sam. Sy bevestig dat GRYCO reeds in Maart 1984 bestaan het en dat hulle ook UDF se MSC uitgevoer het. Sy bevestig ook dat Spiri Pase is weens sy gedrag uit die skool geskors, bladsy 704. Dan met respek word die hof gevra om haar getuienis

oor / ..

oor COSAS en die feit dat hulle nou niks met COSAS nasionaal te doen sou gehad het nie verwerp word as onsinnig. Haar getuienis is met een woord lagwekkend oor hoe hulle by COSAS sou uitgekom het. Hulle het 'n komitee gestig, hulle het hom COSAS gedoop maar nooit enige skakeling met COSAS gehad nie, hulle het nie geweet waarvoor staan dit nie en 'n jaar daarna gaan hulle eers na COSAS toe om uit te vind waaroor gaan COSAS. Dan verwys bladsy 706 na wesenlike weersprekings in haar getuienis en ons wil die hof vra om te bevind dat hierdie getuie is ooglopend en blatant besig om UDF en sy affiliale te beskerm, bladsy 707. Sy was ook nie openlik met die hof nie. As gekyk word na bladsy 709, BEWYSSTUK Ab.29 vind 'n mens dat die COSAS National Congress Report verwys na COSAS in 1984 in Graaff-Reinet en wat daar gebeur ht, die "demands" wat hulle gehad het: "abolition of corporal punishment, end of age restriction, more textbooks and recognition of SRCs". Volgens die getuienis het hulle in 1985 eers met COSAS skakeling gehad, so sy weerspreek COSAS Nasionaal self. Ek vra die hof op bladsy 710 om te bevind dat GRYCO, GRAFCOM en COSAS was betrokke aktief in die "freedom struggle", hulle het die skoliere ook daarby betrek, hulle het gebruik gemaak van massavergaderings om die massas te mobiliseer. Hulle het ook kerkorganisasies en sportorganisasies betrek onder die vaandel van UDF. Hulle het knelpunte soos behuising, paaie, min werk en lae lone het hulle uitgebuit. Hulle het ook griewe van skoliere gebruik om die skoliere te mobiliseer en dit word betoog dat die resultaat van al hierdie aktiwiteite is die algemene toestand van onrus wat in Graaff-Reinet bestaan het wat toevallig oor dieselfde tydperk landswyk ontstaan het was

die / ..

oor COSAS en die feit dat hulle nou niks met COSAS nasionaal te doen sou gehad het nie verwerp word as onsinnig. Haar getuienis is met een woord lagwekkend oor hoe hulle by COSAS sou uitgekom het. Hulle het 'n komitee gestig, hulle het hom COSAS gedoop maar nooit enige skakeling met COSAS gehad nie, hulle het nie geweet waarvoor staan dit nie en 'n jaar daarna gaan hulle eers na COSAS toe om uit te vind waaroor gaan COSAS. Dan verwys bladsy 706 na wesenlike weersprekings in haar getuienis en ons wil die hof vra om te bevind dat hierdie getuie is ooglopend en blatant besig om UDF en sy affiliale te beskerm, bladsy 707. Sy was ook nie openlik met die hof nie. As gekyk word na bladsy 709, BEWYSSTUK Ab.29 vind 'n mens dat die COSAS National Congress Report verwys na COSAS in 1984 in Graaff-Reinet en wat daar gebeur ht, die "demands" wat hulle gehad het: "abolition of corporal punishment, end of age restriction, more textbooks and recognition of SRCs". Volgens die getuienis het hulle in 1985 eers met COSAS skakeling gehad, so sy weerspreek COSAS Nasionaal self. Ek vra die hof op bladsy 710 om te bevind dat GRYCO, GRAFCOM en COSAS was betrokke aktief in die "freedom struggle", hulle het die skoliere ook daarby betrek, hulle het gebruik gemaak van massavergaderings om die massas te mobiliseer. Hulle het ook kerkorganisasies en sportorganisasies betrek onder die vaandel van UDF. Hulle het knelpunte soos behuising, paaie, min werk en lae lone het hulle uitgebuit. Hulle het ook griewe van skoliere gebruik om die skoliere te mobiliseer en dit word betoog dat die resultaat van al hierdie aktiwiteite is die algemene toestand van onrus wat in Graaff-Reinet bestaan het wat toevallig oor dieselfde tydperk landswyk ontstaan het was

die / ..

die gevolg van hierdie mobilisasie van die plaaslike organisasies. Dit word gesê dat die oogmerk van UDF se trawante was om hierdie toestand te skep, dit is plaaslike organisasies en dat die direkte oogmerke van hierdie mobilisasies was die gewelddadige aanvalle op die eiendom van die raad, polisie, die skoolpersoneel, onderwyspersoneel, bedankings van raadslede en ontwrigting van die owerheidstrukture in die gebiede. Dit word betoog dat dit deel was van UDF en sy trawante se doelstellings om die land onregeerbaar te maak.

DIE HOF VERDAAG TOT 14h00.

--------

die gevolg van hierdie mobilisasie van die plaaslike organisasies. Dit word gesê dat die oogmerk van UDF se trawante was om hierdie toestand te skep, dit is plaaslike organisasies en dat die direkte oogmerke van hierdie mobilisasies was die gewelddadige aanvalle op die eiendom van die raad, polisie, die skoolpersoneel, onderwyspersoneel, bedankings van raadslede en ontwrigting van die owerheidstrukture in die gebiede. Dit word betoog dat dit deel was van UDF en sy trawante se doelstellings om die land onregeerbaar te maak.

DIE HOF VERDAAG TOT 14h00.

--------

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-K1-2-428**
*Document Title:-* **Vol.428**